# Amos

Die Prekende Plaasboer



Louis Nel

# Die Prekende Plaasboer

## Oordenkinge oor Amos

## Louis Nel

April 2010

Saamgestel deur
Mosbolletjie Publikasies
louis@dagstukkie.co.za
082 771 4925
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


1. Die Prekende Plaasboer
2. Die Leeu se Brul
3. Vier Kringe
4. Geroep tot Gehoorsaamheid
5. Twee Pootjies en ‘n Stukkie Oor
6. Die Elite Damesklub
7. Sondig in die Kerk
8. Rampe
9. Vier Sirkels (1 - Dood en Lewe)
10. Vier Sirkels (2 - Die Oorsprong)
11. Vier Sirkels (3 - Doen Goed, nie Kwaad nie)
12. Die Oordeelsdag van die Here
13. ‘n Kruis-Liefde

14. Luuksheid en Armoede
15. Hooghartigheid
16. Sprinkane, Vuur en Skewe Bouwerk
17. Verwerp deur die Staatskerk
18. ‘n Mandjie Ryp Vrugte
19. Sakevernuf
20. Die Vyfde Visioen
21. Die Sif
22. ‘n Nuwe Begin

# 1 Die Prekende Plaasboer

## Amos - Inleiding

Ek wil die stoute skoene aantrek, en een van ons Bybelboeke wat bitter min gelees word, met jou deel oor die volgende paar weke - die boek Amos. Dalk sal jy wil sê: “Ag nee! Ek het nie ‘n Ou Testamentiese profeet nodig nie - gee my iets modern!”. Dan het ek nuus vir jou, want Amos is so modern soos vandag!

In ‘n sekere sin kan ons Amos vergelyk met Angus Buchan, die baie bekende prekende plaasboer. Amos was ook ‘n plaasboer, en hy het ook gepreek. Aan die ander kant

kan ons amper sê dat Amos ook die plaaslike koerant was vir sy hoorders - ‘n koerant wat aktueel, vars en nuut was, en die nuus van die volke rondom Israel vir sy lesers (hoorders) weergegee het.

As jy vandag ‘n koerant sou oopmaak, en jy blaai deur die opskrifte, dan sal jy sommer dadelik agterkom wat die politieke (of sosiale) agtergrond is van die redakteur. Die redakteur wat pro-regering is sal poog om positiewe berigte oor die regeringsaktiwiteite te plaas, en die opposisie afkraak en verkleineer. Die redakteur wat weer uit die oogpunt van die opposisie



**INHOUD**

skryf, sal rede soek om die regering te piets net waar hy kan. Alles wat verkeerd en korrup is word uitgesnuffel, en die redakteur gee nie op voordat geregtigheid geskied nie. Die benaming: “Nuushond”, is baie gepas, want hierdie manne en vroue is dikwels soos bloedhonde op ‘n spoor.

Amos se “koerant” het ook sy lesers aangegryp, en mense kon nie wag om die volgende uitgawe te “lees” nie. Hy het vir hulle vertel van die dinge wat gebeur rondom Israel, en hoe korrup hulle bure werklik was. Dit het natuurlik die mense geskok, maar soos met ‘n moderne koerant


**INHOUD**

wil jy juis die skokkende dinge van jou teenstanders hoor. Maar Amos het nie net van húlle geskryf nie - hy het ook oor Israel geskryf, en soos dit ‘n goeie koerantman betaam, het hy die korrupsie in Israel self ook tot op die been oopgevlek.

Daar was egter ‘n baie groot faktor wat Amos se beriggewing beïnvloed het: die oogpunt van waaruit hy geskryf het. Amos het nie maar sy eie oordeel uit menslike perspektief gevel nie, maar hy het dit beoordeel uit God se perspektief. En dit maak Amos vir ons vandag net so aktueel as wat dit was in sy eie tyd. Amos se “koerant” kan jy gerus lees, want die

nuus is vandag steeds vars en nuut en aktueel!

Amos het geleef in die tyd van koning Jerobiam II, dus so ongeveer 760vC. Dit was ‘n tyd van vrede en voorspoed. Die groot moonthede soos Assirië en Damaskus was uitgebaklei teen mekaar, en hulle het nie lus gehad om Israel te kom karnuffel nie. Israel het geblom, en die rykes het nog ryker geword van al die welvaart wat die land beleef het. Die droewige deel was egter dat die armes al hoe armer geword het, en daar dus ‘n duidelike skeidslyn was tussen ryk en arm. Daar was mense wat groot mag vir hulleself


**INHOUD**

verwerf het, en dan was daar die werkersklas wat vir ‘n hongerloon vir hulle geswoeg het. Hierdie dinge het Amos gegrief, en hy het baie duidelik vir hulle gesê (uit God se oogpunt) dat ‘n mens nie jou mag so durf misbruik nie.

Amos wil dit egter ook duidelik maak dat God se heerskappy strek, nie alleen oor Israel nie, maar ook oor die res van die wêreld. Die ongeregtigheid en onmenslikheid van die volkere rondom Israel, word ook deur God raakgesien. Hy is oor alles, en Israel is maar net ‘n deeltjie van die groot prent. Hy het mag oor alles en almal. Nogtans maak Hy


INHOUD

spesiale bemoeienis met hierdie nietige volkie, Israel. Hy lei hulle uit Egipte se slawerny na die beloofde land, en Hy kies hulle bo al die magtige volke as Sy volk.

Maar God verwag van daardie volkie om ‘n lewensstyl te handhaaf wat pas by hulle verkiesing. Die ongeregtigheid wat deur die volk vloei, sal nie geduld word nie. Mense moet leer om mekaar met respek te behandel, en selfs die magtiges moet van hulle troontjie afklim en die arme ouens daar onder behandel soos wat God voorskryf.



INHOUD

Amos wil dit egter ook beklemtoon dat God nie ongenaakbaar is nie, maar Hy is ‘n genadige, vergewende en barmhartige God. Hy pleit by Sy volk om tot inkeer te kom. Oor hulle liederlike dade moet hulle veroordeel word, maar as Amos vir hulle pleit, besluit God selfs dat Hy die oordeel sal ophef.

Amos se werke is eers later op papier gestel, en die Israeliete kon dit lees as vertroosting tydens die ballingskap. Daar sien hulle die wonderlike beloftes van herstel en heropbou.



**INHOUD**

Klink hierdie dinge nie alles bekend nie? Is dit nie maar wat in en om ons land aangaan nie? Amos is ‘n tydlose boek, geskryf vir die Israeliete van 760vC, maar ook vir my en jou vandag in 2010nC.

**Gebed:**

**Here, dankie vir profete soos Amos, wat die Woord van God vir ons aktueel en vars en nuut maak.**

# 2 Die Leeu se Brul

## Amos 1:1,2

Oor die afgelope paar dekades het ons as gelowiges baie lui geword wat die verkondiging van die Evangelie aanbetref. Dalk is dit omdat ons van kleins af geleer was dat daar slegs een persoon is wat sulke "hogere" dinge mag doen, en dit is die Dominee. Hy het sewe jaar lank geleer op universiteit om dit te kan doen, en hy is dus die enigste een wat die kennis het om hierdie taak te verrig, dus laat ons alles in sy bekwame hande.



INHOUD

Lees ons egter deur die Bybel, dan sien ons ‘n baie ander prentjie - ja, die geleerde manne soos Paulus is wel baie goed gebruik, maar ons lees keer op keer van doodgewone - dikwels eenvoudige - mense wat die Woord verkondig het. Petrus en sy maats was gewone vissermanne; Matteus was ‘n belasting gaarder; Amos was ‘n plaasboer.

Kan jy jou iemand meer onwaarskynlik voorstel as ‘n plaasboer om te gaan preek? Hy kry selde met mense te doen - is heeldag lank iewers in die veld by sy boerdery, en dikwels moet hy seker onder die sterre slaap. Nogtans sien


**INHOUD**

ons dat die Here hierdie plaasboer gebruik om Sy woord te verkondig.

Amos het in die jare 760vC in die omgewing van Tekoa (10 km suid van Betlehem) met skape geboer. Hy moes 'n welvarende boer gewees het, want uit die woorde wat gebruik word kan ons aflei dat hy 'n groot trop skape besit het. Maar Amos het ook 'n tweede plaas besit aan die kus van die Dooie See, waar hy met wilde vye geboer het. Dit het waarskynlik gedien as voer vir sy skape in die droë wintermaande. Alhoewel dit goed gegaan het met Amos, was hy nie 'n skatryk man nie.


**INHOUD**

Plaasboere is gewoonlik mense wat naby aan die aarde leef. Hulle ervaar die natuur op ‘n baie intense wyse, omdat hulle so geweldig afhanklik is van alles wat die natuur bied. Reën, sonlig, droogte, wind en die suiwer grond is alles dinge waarsonder hulle nie kan bestaan nie. Dikwels kry jy dan ook dat plaasboere gewone dinge beskryf in beelde uit die natuur. As ons die eerste verse van die boek Amos lees, dan sien ons al hoe hierdie dinge deurslaan, en hoedat die natuur in hierdie man se bloed is. Hy praat van weivelde wat verdor en van herders. Later in die boek vertel

hy van die leeu se brul, en jy kom agter dat hy weet hoe om ‘n wip te stel.

Het jy al ‘n leeu van baie naby hoor brul? Ek praat van die slag as jy nie veilig in jou motor sit in die wildtuin nie, maar as jy by ‘n vuurtjie sit in die veld, en hy brul so hard dat jou ore seer kry. ‘n Klompie jare gelede het die leeus vrye toegang gehad in Marloth Park - dis nou waar ons boshuisie is. Ons sit een aand saam met vriende by die vuurtjie en vleis braai, toe die leeus se brulle al hoe nader kom. Uiteindelik voel dit asof hulle sommer hier agter die bossie staan en brul. Ek voel baie


**INHOUD**

ongemaklik, maar ons sit maar, want ek weet mos hoe ver ‘n leeu se brul kan trek in die nag - hy is seker nog baie ver. Maar elke keer as sy gesagvolle stem die naglug om ons vul, dan sit ons regop en luister met respek - hierdie is waarlik die koning van die bos!

Die volgende oggend vroeg gaan ons ‘n entjie stap, en skielik rek my oë soos pierings as ek dáárdie spore in die stof sien - die man met die groot stem en die groot katpote het nie verder as vyftig meter nie van ons braaivleisvuurtjie af verby geloop! Skielik het ek so ‘n lam gevoel in my knieë gekry - daardie

leeu het waarlik net agter die bossie gestaan en brul die vorige aand!

Wanneer Amos van die Here praat, praat hy met baie groot ontsag. Hy vergelyk die stem van God met dié van ‘n leeu se brul. Wanneer ’n leeu brul, dan luister jy - jy het baie groot respek vir hom. Hy noem ook baie pertinent in die eerste verse van die aardbewing - dit moes ‘n geweldige skudding gewees het, want Sagaria vertel hoedat mense gevlug het daarvoor (Sag 14:5). God praat met groot gesag, en wanneer Hy praat verdor die weivelde en verdroog die top van Karmelberg (Amos 1:2).



**INHOUD**

Wat gebeur wanneer ek en jy die Woord van God oopmaak om te lees wat Hy vir ons wil sê? Is die Woord maar net vir ons ‘n geskiedenisboek, of ‘n boek met mooi versies en mooi stories in? Of is dit bloot ‘n verwysingsraamwerk of naslaanwerk? Ons moet dit baie goed besef, dat al was die skrywers van die Bybels doodgewone mense - plaasboere, vissermanne, tollenaars - is God die ware Outeur van die Bybel. Wanneer ek daaruit lees, dan lees ek wat God geskryf het deur Sy skrywers. Nog meer: Hy praat deur hierdie geskrifte direk met my. Dit behoort ons met groot

ontsag te vul, want as jy sou stilbly en luister na ‘n leeu se stem - hoeveel te meer sal ons nie stilbly en luister wanneer die magtige Stem van God tot my en jou kom deur Sy Woord nie. Nee, ons hoef nie te bewe van angs of wegvlug nie, maar ons moet die nodige respek en ontsag hê vir Hom - die Koning van alle konings!

**Gebed:**

**Here, vergewe my dat ek dikwels so ligtelik met U heilige Woord omgaan.**

# 3 Vier Kringe

# Amos 1:3-2:16

Toe Ds. Amos, die prekende plaasboer, die dag vir die volk preek, het almal baie aandagtig geluister. Dit was ‘n baie besonderse preek, wat meer geklink het soos ‘n gedig. Die woorde was soos musiek op die volk se ore, en hulle het saamgestem oor elke woord wat oor Amos se lippe gerol het. Dít wat hy gepreek het, is wat hulle wou hoor, want hulle vyande word dan vonoggend onder die vergrootglas geplaas en veroordeel.

Amos het begin en die sirkel baie wyd om Israel getrek - by die Arameërs van Damaskus. Hulle was ‘n heidense volk daar ver, en as hulle totaal uitgeroei word, sal Israel jubel en juig. Ja, Amos is ’n dominee so reg na ‘n man se hart. “Ek sal sy straf nie herroep nie”, preek Amos, en die volk stem saam - daardie klomp moet swaar gestraf word vir hulle liederlike dade.

Dan kom die Filistyne aan die beurt, en die Israeliete kreun eintlik van lekkerkry. Hoeveel sonde het hulle nie al deur die eeue gehad van hierdie klomp nie. Die Filistyne van Gasa word veroordeel, en ook dié

van Asdod en Askelon en Ekron. Simson het al baie jare terug groot moeilikheid gehad van die Filistyne en so ook Saul en Dawid. Maar nou het die Filistyne se sondes hulle ingehaal, en geregtigheid gaan geskied. Die Here gaan hulle veroordeel. Die volk knik instemmend hulle koppe - Ds. Amos mag maar preek!

Die derde volk wat Amos aanspreek is die Fenisiërs van Tirus. Hierdie drie volke in die sirkel wat Amos getrek het, het totaal liefdeloos opgetree teenoor hulle bondgenote. Hulle het mense gemartel en weggevoer as ballinge. Die volk

luister baie lekker na Amos se preek.

Maar dan kom Amos en hy trek ‘n tweede sirkel - dié slag ‘n bietjie nader aan die Israeliete. Eerste aan die beurt is die Edomiete. Hierdie mense het dieselfde voorvader as die Israeliete - hulle is afstammelinge van Esau, die tweelingbroer van hulle aardsvader Jakob. Daar begin so half ‘n ongemaklikheid onder die luisteraars te kriewel, want Amos spreek nou eintlik hulle “halfbroers” aan. Maar dis niks - hierdie mense is geskiedenis, en hulle verdien die


INHOUD

Here se oordeel! So, Amos kan maar rustig voortgaan.

Dan kom die Ammoniete aan die beurt - ook húlle het ‘n verwantskap met Israel. Hulle is die afstammelinge van Lot - Oupa Abraham se broerskind. Gruwelike dade het hierdie mense gedoen - so preek Amos. Die volk snak na hulle asem as hulle moet hoor dat die Ammoniete swanger vrouens oopgeslag het. Nee wat, al is hulle amper familie, moet hulle swaar gestraf word! Ook die Moabiete, wat ook afstammelinge van Lot is, word Amos se skerp tong nie gespaar nie. Die liederlike manier waarop hulle

die koning van Edom se lyk geskend het, laat ‘n mens ril. Jy doen nie sulke dinge nie! “Gaan voort Amos!”

Amos kyk sy volk in die oë, en skielik besef hulle dat hy nou ‘n bietjie te naby aan hulle eie lyf begin preek vir gemak. “Juda”, sê Amos, “het die wet van die Here verwerp!”. Hierdie derde sirkel wat Amos trek, is soos ‘n hoepel om ‘n wynvat - hy trek bitter styf, want Juda is hulle eie broers - mede Israeliete. Ja, hulle het nou wel “afgestig”, en hulle het ‘n ander koning, maar steeds bly hulle bloedbroers. Die tempel van die Here staan tog immers in hulle grondgebied - in Jerusalem. Amos

se preek raak ongemaklik, want nou word hulle eie mense veroordeel, en hiervan hou hulle nie juis nie. Amos kon mos maar gestop het by die Moabiete - waarvoor kom karring hy nou so naby aan die huis?

En dan los Amos die bom: “Israel het liederlik gesondig!”, sê Amos terwyl hy hulle stip aankyk. Die vierde sirkel is die kern van die volk, Israel! Gevoelloosheid, liefdeloosheid, onreg, bloedskande, afgodsaanbidding en skending van God se eer - hierdie is maar ‘n paar van die sondes waaraan Israel hulle skuldig gemaak het. Nou is hierdie preek gladnie meer so lekker nie -


INHOUD

dit maak baie seer! Hy vertel vir hulle hoedat die Here deur die eeue vir Israel op die hande gedra het en gered het toe hulle in die nood was. En wat het hulle gedoen? Sonde! En nou kom God se oordeel!

Ons lees vanoggend dalk baie lekker aan hierdie deel, want die sirkel is baie wyd gespan. Wat het Israel se sondes tog met my en jou te make? Dis goed dat die Here hulle gestraf het - hulle het dit verdien! Maar die Here trek skielik die sirkeltjie baie nou om my en jou, en dan moet ons besef dat ons in dieselfde bootjie is as Israel. Daar is ons sondes van versuim, van

liefdeloosheid en nie genoeg eer gee aan God nie. Vanoggend wil die Here hê dat ek en jy ‘n slaggie moet gaan sit en dink wat die Here vir ons gedoen het, en op watter halfhartige wyse ons ons dankbaarheid teenoor Hom uitleef. Amos se preek is soos ‘n swaard wat sny deur my lewe, en die sonde oopvlek. Wat gaan ek daaromtrent doen?

**Gebed:**

**Here, ek staan vanoggend nes Israel, diep skuldig voor U. Vat asseblief my hand, Here, en lei my op die regte pad.**

 INHOUD

# 4 Geroep tot Gehoorsaamheid

## Amos 3:1-8

Wanneer iets gebeur, moet daar ‘n oorsaak wees vir dit wat gebeur. Niks gebeur sommer so sonder enige oorsaak nie, al wil dit soms vir ons lyk asof dinge soms sonder enige oorsaak gebeur. As ek met my motor ry, en hy gaan skielik staan, dan moet daar ‘n logiese oorsaak voor wees - het ek ooit onthou om brandstof in te gooi?

In die vorige dagstukkie het ons gesien hoe Amos ‘n wye draai preek en dan skielik die vinger wys vir die volk Israel: hulle het gesondig, en



INHOUD

daarom gaan die Here hulle straf. Maar waarom is die Here dan so streng met Israel? Baie ander volke kom weg met moord, maar Israel is die een wat elke keer uitgesonder word en gestraf word. Waarom?

Die antwoord lê opgesluit in die woordjie “uitgekies”. Ja, die Here het hierdie volk uitgekies as Sy volk. As ons gaan kyk na die ware betekenis van hierdie woord in die oorspronklike taal, dan sien ons iets van ‘n intieme verhouding wat hiermee beskryf word. Die woord “uitverkies” beskryf ‘n kosbare en duursame verhouding wat alreeds baie ver terug in die verlede tot


**INHOUD**

stand gekom het, en steeds voortduur. Dieselfde woord word ook gebruik om die mees intieme verhouding in ‘n huwelik uit te druk.

As ek my huweliksmaat sou verkul, en ‘n skelm verhouding het, sal sy nie maar net sê: “Mans is nou eenmaal mans!”, en die hele affêre aflag as ‘n bietjie plesier nie. Vir séker gaan sy bitter omgekrap wees, en die gevolge kan dalk bitter tragies wees. Waarom? Juis omdat daar so ‘n intieme verhouding in ons huwelik is. Sy het baie opgeoffer om hierdie verhouding te laat werk - dit het nie sommer so vanself gekom

nie. En as ek daardie verhouding skaad, maak dit bitter seer.

Die Here het vir Israel uitgekies - daar is dieselfde intieme verhouding tussen Hom en die volk. Hy het baie opgeoffer in hierdie verhouding, om dit te laat werk en om die liefdesbande te bind. Hy het begin deur hulle te verlos (uit Egipte). Die Here se geduld met hierdie volk was baie, baie lank. Skaars het hulle begin trek, toe bou hulle al ‘n goue kalf en flenter agter ander gode aan. As ons deur die geskiedenisboeke van Israel blaai, dan sien ons hoedat die Here Sy kant van die liefdesverhouding nakom en uitleef.

God se liefde loop soos ‘n goue draad regdeur die ganse Ou Testament. Dikwels was daar selfs groot wonderdade om die volk te bewaar. Maar dan sien ons ook parallel hiermee hoedat die sonde van die volk soos ‘n pikswart, smerige tou deur die blaaie van die Ou Testament weef.

God se geduld moes opraak (met permissie gesê). En daarom kondig Amos aan dat die Here se straf op hulle wag. Die Here straf nie sommer maar net vir ‘n kleinigheid nie, en Hy sal selfs Sy straf terugtrek as daar berou is. Gaan lees gerus maar die boek Jona, en kyk hoe die


**INHOUD**

Here die stad Ninive veroordeel het, en toe later die oordeel terug getrek het toe die mense berou gehad het.

Amos gebruik beelde uit die natuur en die alledaagse lewe om te verduidelik dat as iets gebeur, daar ‘n oorsaak is. As jy ‘n leeu hoor brul, dan weet jy hy het dalk ‘n prooi gevang - ‘n leeu brul nie sonder rede nie. En as die leeu brul, dan vul dit ‘n mens met groot ontsag - glo my, ek het dit al verskeie kere eerstehands ervaar. Soms, as hy baie naby is, dan sidder ‘n mens as jy sy stem hoor iewers uit die donker nag. “Die leeu het gebrul, wie sal nie bang wees nie?”, vra Amos. Hy wil


**INHOUD**

die stem van die Here vergelyk met die ontsagwekkende brul van ‘n leeu. En dan voeg hy by, dat as hy die stem van God hoor, dan durf hy as profeet nie daaroor stilbly nie.

Maar hierin lê ook ‘n ander waarheid opgesluit: voordat ‘n profeet kan praat (profeteer), moet hy eers luister na wat die Here sê. Amos het nie maar op sy eie hierdie dinge aan die volk oorgedra nie - hy moes eers luister, en dan die boodskap oordra.

Dit is baie maklik om mense te veroordeel - ons doen dit elke dag, dikwels as ‘n bespotting. Die moeilike deel is egter om te luister


**INHOUD**

na wat die Here sê. Om te luister, beteken dat ek eers my eie vooroordele uit my kop sal kry, en dat ek eerlik en met 'n oop gemoed na die Here sal gaan. Dit beteken dat ek met 'n biddende hart die Woord van die Here sal lees. Dit beteken dat ek my geloofs-ore sal oopmaak om die stem van die Heilige Gees te kan hoor. Dit beteken ook dat ek die muur van sonde wat keer dat ek Sy stem kan hoor, sal afbreek, sodat daar geen skeiding is tussen my en Hom nie.

En wanneer ek gehoor het - wat doen ek dan? Jona was bitter onwillig om die Here se opdrag uit te


INHOUD

voer. Amos was gehoorsaam, en hy het gedoen wat hy moes, al het dit dalk beteken dat die volk niks gehou het van sy boodskap nie. Hulle wou hoor hoe hulle vyande in die stof byt - maar Amos het oor Israel se sonde gepreek, soos die Here hom beveel het. Ek dink nie dat Amos baie gewild was nie, maar dit het hom min gepla, solank hy net sê wat God hom voorgesê het.

**Gebed:**

**Here, leer my om te luister, en maak my bereid om te praat wanneer ek U stem hoor.**



INHOUD

# 5 Twee Pootjies en 'n Stukkie Oor

## Amos 3:9-15

Ons ry deur die Kruger wildtuin - ek, 'n jong seun. Leeus, dit is wat ons soek - opwinding! En skielik kry ons net mooi dit. Ons is net betyds om te sien hoedat 'n paar leeuwyfies 'n trop rooibokke op loop jaag. Hulle verdwyn agter die bosse, maar uit die geluide kan ons hoor dat hulle besig is om hulle prooi op te vreet. En dan sien ons hom - die ou maanhaar wat haastig aangestap kom om sy deel van die fees op te eis. Van iewers af kom 'n verskrikte rooibok verbygehardloop in dolle


INHOUD

vaart, reg voor Vuilbaard se neus verby. Sy reaksie is blitsvinnig - ‘n massiewe voorpoot bewapen met vlymskerp kloue skiet uit soos ‘n weerligstraal en klap die voortvlugtende in een hou morsdood. Die ou maanhaar tel sy trofee op en stap trots daarmee tot in die skaduwee, en vreet dan die bok op totdat daar net ‘n stukkie oor en twee pootjies (letterlik) oorbly.

Daar was ‘n ou Israelietiese gebruik dat as ‘n leeu een van die skaapwagter se skape vang, hy bewys moet lewer dat hy nie die skaap geslag het nie, maar dat ‘n leeu wél die dier gevang het, al is dit

ook net 'n oortjie en twee pootjies. Dit kan selfs beteken dat hy die leeu moet verjaag om die bewysstukke te kry. As jy op so 'n wyse twee pootjies en 'n stukkie oor red, dan red jy beslis nie die skaap nie!

Maar wag, laat ons voor begin! Amos roep getuies bymekaar om te kom kyk na die verwoesting. Diegene wat hy roep is spesialis-getuies, want hulle weet alles van verwoesting af. Die Egiptenare en die Filistyne was bekend vir hulle wreedheid en verdrukking en geweld, en daarom is hulle die regte mense om te kom aanskou wat gaan gebeur. Dit is die volk Israel

wat veroordeel is en tot ‘n gewelddadige einde gaan kom. Sy stede sal afgebreek word en die mooi huise sal kaalgestroop word. Al wat sal oorbly is ‘n enkele bewysstuk: twee pootjies en ‘n stukkie oor (Amos 3:11-12)

Maar waarom?

Amos som die oorsaak op in vers 10: “Hulle wat geweld en verwoesting in hulle mooi huise herberg, weet nie hoe om reg te doen nie, sê die Here.” Dit is ‘n verskriklike aanklag teen Israel. Maar wat presies beteken dit? Die Israeliete het hulleself verryk deur



**INHOUD**

gewelddadig op te tree. Met geweld het hulle rykdom bekom, en in die proses het hulle verwoesting gesaai. Geldgierigheid het van hulle monsters gemaak. Hulle het vir hulle mooi huise en paleise gebou met hulle buit, en op die koop toe sommer ook ‘n somerhuis iewers laat bou. Hulle het gerol in die rykdom en op “rusbanke en oorgetrekte gemakstoele” (v 12) gesit. En dit ten koste van die arme mense wat hulle so wreed uitgebuit het.

Amos se aanklag is ook dat hulle nie weet hoe om reg te doen nie. Hierdie het niks te doen met die

voorskrifte van die Here nie, maar dit verwys na die normale aanvaarbare gedrag van alle mense. Selfs die heidene het geweet wat reg is en wat verkeerd! Ons kan dit dalk vertaal met “regverdig” of “billik”. Jy hoef nie ‘n gelowige te wees om te weet wat reg is nie!

Ons in Suid-Afrika (en ook in menige ander lande) sit op ‘n tydbom wat tik-tik-tik. Ons is besig met presies dieselfde dinge as wat in Israel gebeur het. Materialisme is ‘n draak wat verslind. Ons sien maar net die oortjies van die seekoei uitsteek, as die manne verbonde aan die regering uitgewys word. En dan


**INHOUD**

skree ons almal saam oor daardie enkelinge. Maar ons sien nie die massa stinkrykes wat hulle geld bekom het met uitbuiting, buitensporige winsgrense en misleidende advertensies nie. Prysmanipulasie is ‘n lelike vloekwoord wat die afgelope tyd op almal se lippe is - waar selfs die mees basiese kos waarvan armes moet oorleef - brood - se koste deur prysvasstelling vir die armes onbekostigbaar gemaak is.

Talle mense se lewens word verwoes deur dwelmsindikate waar superrykes die septer swaai. Motorkapings, kitsbankrooftogte en


**INHOUD**

ander gewelddadige handelinge verryk iemand wat rustig in sy gemakstoel sit. Maar dit kom ook nader na my en jou wat dikwels oneerlik handel. “Suid-Afrika, draai terug na God!” skree ‘n klompie stemme uit die woestyn, maar dit val op dowe ore, en die geweld en korrupsie floreer!

“Ek sal die winterhuis platslaan saam met die somerhuis”, waarsku Amos oor die toorn van die Here, “die huise met ivoorinleg sal vergaan, baie huise sal verdwyn, sê die Here.”



**INHOUD**

Amos se waarskuwing weergalm oor Israel. Maar vandag weergalm daardie selfde waarskuwing oor Suid-Afrika, want die onreg in ons land is reusagtig groot. Wat gaan ons daaromtrent doen? Hierdie naweek is daar ‘n reuse saamtrek by die Uniegebou waar “Amos” weereens gaan pleit: “Draai terug na God!” Die vraag is of ons gaan luister. Gaan ons land reageer op daardie pleidooi? Ek is bevrees: die Here se oordeel hang alreeds soos ‘n vlammende swaard oor ons land. Kom ons begin by onsself, en maak reg wat verkeerd is in ons lewe,



**INHOUD**

anders gaan daar dalk net twee pootjies en ‘n stukkie oor oorbly.

**Gebed:**

**Here, ek staan diep skuldig voor U. Help my om reg te maak wat ek verkeerd doen.**

# 6 Die Elite Damesklub

## Amos 4:1-3

Die Damesklub is bymekaar - vir die hóéveelste keer hierdie jaar. Dit gaan baie jolig, want die voggies van Bacchus loop soos ‘n rivierstroom. Dit klets en dit skinder en dit lag vulgêr-uitbundig. Vanaand is die arme drommels wat dit nie kan bekostig om deel van hierdie elite groep te wees nie, onder bespreking. Hulle word bespotlik gemaak, oor hoe hulle lyk en hoe hulle aantrek. Een vertel met groot smaak hoe sy haar huisbediendes onder haar duim het, en hulle



INHOUD

letterlik voor haar moet kruip. Die ander skater van die lag - dat ‘n arme miserabele mens so laag moet daal in die lewe! Dan kom die skok: Die wyn is op! “Bring nog wyn ou man!”, word die gasheer beveel, “Toe, toe, maak gou - ons het nie heel aand tyd nie!”, word hy aangepor. “Hy is soos klei in my hande”, fluister die gasvrou met ‘n knipoog sodra haar man sy rug draai, en die ander skater van die lag.

Klink dit miskien na ‘n moderne henne-aand in een van ons ryk voorstede? Nee, jy dink verkeerd: dit was moontlik hoe dit gegaan het as

die skatryk vroue van Israel die slag bymekaar gekom het, so byna 3000 jaar gelede. Amos het dit gesien, en dit het hom (en die Here) gegrief, want dit het die hele sosiale struktuur van die volk van die Here 'n bespotting gemaak. "Hulle lewe soos die koeie van Basan", beskryf hy hulle lewenswyse. Dit was eintlik bedoel om 'n kompliment te wees, want Basan was 'n baie vrugbare streek, en die koeie het lekker vet geword op die groen weivelde. Om soos 'n koei in Basan te leef, was om baie lekker te leef. Vandag sou ek natuurlik baie huiwer om so 'n

kompliment vir ‘n vrou te gee - ek mag dalk net ‘n oorveeg kry!

Die welgestelde dames van Israel het inderdaad ‘n luilekker lewe gehad, gebaai in oorvloed en uitspattige luuksheid. Hulle het ‘n onversadigbare drang gehad na meer en meer, en dit het gemaak dat hulle hulle mans tot die uiterste toe gedring het om nog meer geld te maak en vir hulle nóg welvaart te bekom. Hulle lewe was die toonbeeld van selfgerigtheid. Die ganse wêreld het net om háár gedraai! En natuurlik haar ewe-ryk vriendinne.



**INHOUD**

Die probleem was dat dit nie net iets was wat die ryk vroue geraak het nie, want in hulle hoogverhewe status het hulle neergesien op die “minderes”, die arme swakkes wat nooit hulle hoogtes sou bereik nie. Daardie mense is vertrap en mishandel sodat Mevrou goed en hoog kan voel. Boonop is hulle mans waarskynlik tot korrupsie gedryf of Vroulief se honger na nog meer luukshede te probeer versadig.

Amos kondig die Here se oordeel aan oor hierdie vroue. Genoeg is genoeg! Hulle sal soos met ysterhake uit hulle welvaartsparadys weggeskeur word, en soos diere


**INHOUD**

(die koeie van Basan?) uit die stad uitgejaag en aangedryf word. Bitter on-vroulik sal hulle gedryf word om oor die rommelhope, wat eens op ‘n tyd pragtige stadsmure was, te klouter, om die res van hulle lewe in ballingskap en gure omstandighede deur te bring. Omdraaikans en rus is daar nie, want agter hulle por die soldate van die vyand hulle aan met wrede haakdorings. Hulle sondes het hulle uiteindelik ingehaal.....

Die geskiedenis herhaal homself. Amos se profesie laat ‘n mens nogal dink aan die Franse Revolusie, toe die stinkrykes wat in die grootste weelde geleef het en die armes

bitterlik uitgebuit het, uiteindelik soos diere uitgedryf is en een-vir-een onder groot gejuig hulle koppe verloor het onder die valbyl.

En vandag word dieselfde geskiedenis vir die sóveelste keer herhaal. Skatryk dames (vandag praat ons nie met die manne nie) wat doodverveeld is en niks anders het om te doen nie, as om partytjie op partytjie deur te klets en hulle te buite gaan aan eksotiese drankies en te skinder en ander bespotlik te maak. Daar word onder mekaar gespog oor hulle ontwerpersklere, en die een wat die duurste rok kan dra (natuurlik met die minste

materiaal!) is die heldin van die aand. Soos in Amos se dae word die arme mans gedryf tot breekpunt, en dikwels korrupsie, om te kan voorsien in haar peperduur smaak. Hulle huisbediendes word uitgebuit om vir ‘n hongerloon te swoeg, en dikwels loop hulle onder Mevrou se skerp tong deur. En in die proses om geld te maak, kos dit dikwels dat haar man ander in die modder in moet trap om Vroulief gelukkig te hou.

Dit is nie net die skatrykes wat so lewe nie - baie van hierdie dinge kom ook na vore in die alledaagse lewe - selfs in die huise van

sommige gelowiges. Vandag is dit Wêreld Biddag vir Vroue. My innige gebed is dat die vroue van Suid-Afrika wat so ‘n uitspattige lewe lei, tot besinning sal kom, en eerder die geld en energie wat hulle sit in hulle wilde partytjies, sal gebruik om die lewe van armes en verdruktes meer draaglik te maak. Een enkele partytjie kan dikwels betaal vir ‘n huis, of dalk twee of drie, vir iemand wat in haglike omstandighede leef.

**Gebed:**

**Here, ek bid vandag vir die vroue van ons land. Ek bid dat diegene wat so ver afgedwaal het sal terugkeer na U. Ek bid ook dat U die reuse byeenkoms by die Uniegebou more ryklik sal seën.**

# 7 Sondig in die Kerk

## Amos 4:4-5

Hoor ek toe mos eendag iemand sê: "Ek is baie Godsdienstig!", en toe wonder ek wat dit nou eintlik beteken om baie Godsdienstig te wees? Inderdaad was ek jare gelede as jong man ook baie Godsdienstig. Daar het nie 'n Sondag verbygegaan nie waar ek minstens twee keer op die dag kerk toe gegaan het. Ek was 'n voorbok in die jeugvereniging en ek het selfs betrokke geraak by die gemeente se sending aksie. Ek was die jongste lid van die kerkraad, en ek was baie trots daarop. As diaken



INHOUD

het ek my plig getrou nagekom, en gereeld elke maand by al my wykslede uitgekom. Ek het in die kerkkoor gesing, en my Godsdiens ten volle uitgeleef.

Maar daar was ‘n probleempie, en ek kon net eenvoudig nie my vinger daarop lê nie. By ‘n geleentheid vra die leraar ‘n vraag, en ek gee ‘n briljante antwoord daarop. Ek was so trots op my antwoord, want ek het nie gedink dat daar soveel wysheid in my steek nie. Maar die opmerking van die leraar het my sprakeloos gehad: “Hier is die Heilige Gees aan die werk”, het hy gesê, “want daardie antwoord kom

nie van ‘n mens nie!”. Ek was onmiddelik smoorkwaad vir die leraar. “Hoe kan hy sommer my slim antwoord so aan die Heilige Gees toeskryf - en ek kry nie eers erkenning daarvoor nie!”

Een ding in my lewe wat ek nie kon verwerk nie, was dat baie van my kerk-maats so verskriklik “heilig” voorkom. Hulle bid dinge wat ek nie verstaan nie, en dikwels klink hulle gebede “soetsappig”, en ek wens dat hulle darem nou ophou bid. Sulke dinge pla my, en ek bedryf my Godsdiens met meer vuur om die kwellinge weg te werk.

Dit was eers ‘n paar jaar later wat ek ontdek het waar die probleem gelê het: Sien, ek het Godsdiens probeer bedryf sonder om Jesus daarin toe te laat. Een mooi dag in 1974 het alles totaal verander, toe Hy in my lewe gekom het. Skielik het die skille van my oë afgeval, en het ek besef dat my Godsdiens absoluut niks werd was nie.

“Kom na Bet-El toe as julle wil sonde doen, na Gilgal as julle nog meer sonde wil doen”, sê Amos vir die volk. Bet-El en Gilgal was vir die volk van Israel heilige plekke waar hulle God aanbid het. Jerusalem en die tempel was vir Israel

ontoeganklik, omdat die Joodse volk in twee gedeel was, en Jerusalem aan Juda behoort het. Israel en Juda het nie langs dieselfde vuur gesit nie, alhoewel albei Joodse volke was - bloedbroers. "**Bring maar julle offers en tiendes**", sê Amos baie sarkasties. Hierdie mense het hulle godsdienstige verpligtinge baie getrou nagekom. Hulle het selfs uit hulle pad gegaan om meer te doen as wat van hulle verwag is - nie alleen hulle verpligte offers nie, maar ook vrywillige offers het hulle getrou gebring.

"Baie mooi!", sou ons wou uitroep, maar die Here was beslis nie


INHOUD

hiermee tevrede nie. Waarom nie? Dit was gedoen met die verkeerde gesindheid. "**So hou julle mos daarvan**", kap Amos, want hy besef maar al te goed dat die Here dwarsdeur hulle godsdienstigheid sien - dat dit nie oor die Here gaan nie, maar dat hulle dit doen om mense te beïndruk, of om hulleself aanvaarbaar te maak by mense. Hulle vrywillige offers is met groot fanfare gebring sodat almal kon sien hoe vrygewig hulle is. Die probleem is dat wanneer dit gebeur, dan is dit nie meer Godsdiens nie, maar mensdiens. En dan is dit sonde! Die Israeliete het al die regte geluide


INHOUD

gemaak om totaal die verkeerde rede, en sodoende met ‘n vroom gesig in die kerk gesit en sondig. Dit laat mens dink aan Jesus se gelykenis van die Fariseër wat op die straathoek staan en bid het sodat almal kon sien hoe Godsdienstig en vroom hy is.

Amos praat ook vandag met my en jou as gelowiges. Ons word opgeroep om ‘n slaggie baie mooi te gaan kyk na die manier waarop ons Godsdiens bedryf, en te fokus op die gesindheid waarmee ons dit doen.

Die eerste vraag wat ek myself moet afvra, is of die dinge wat ek doen ter

wille van God is, en of ek dit bloot vir myself doen? Ek het al beleef dat wanneer ‘n nuwe leier ouderling gekies moet word, dit vooraf gegaan is deur stemme-werwery en ‘n gekoukus, want hierdie is ‘n posisie wat jou baie groot status gee. Dit gaan nie oor die status nie, maar om ‘n diens te lewer ter ere van God. Maar dan moet ek myself ook die vraag afvra: waarom gaan ek kerk toe? Is dit omdat dit my plig is, of omdat ek bang is dat mense gaan skinder as ek nie daar is nie? Of is dit omdat ek daar wil wees, want dit is my afspraak met God, wat ek vir niks wil verruil nie? Waarom lees ek

in die Bybel? Is dit bloot uit pligsbesef of gewoonte? Of is dit omdat ek waarlik die wil van God daarin soek en die wonderlike beloftes daarin opgesluit wil indrink? Amos dwing ‘n mens om biddend te gaan introspeksie doen.

**Gebed:**

**Here, vanoggend moet ek bely dat my motiewe nie altyd so suiwer is nie. Vergewe my asseblief.**

# 8 Rampe

## Amos 4:6-13

Waarom het die stad Pompei vergaan tydens die uitbarsting van die vulkaan Vesuvius, met so baie mense in? Waarom het die mense nie betyds gevlug nie? Op ‘n TV program was daar eenmaal beeldmateriaal van ‘n vulkaan wat uitgebars het, en mense wat hardnekkig geweier het om hulle huise te verlaat selfs met die naderende lawastroom wat ongemaklik naby hulle huisies gekom het. Dikwels sien ‘n mens dat mense wat naby ‘n vulkaniese berg



INHOUD

bly wat dreig om uit te bars, leef asof daar niks gebeur nie. Selfs wanneer die berg begin rammel, dan is dit asof hulle dit gladnie hoor of voel nie. En selfs wanneer die kokende massa lawa aangerol kom, dan hoop hulle steeds dat dit nie hulle huise sal verswelg nie - dat dit sal stop voordat hulle dorp bereik word.

‘n Bietjie nader aan die huis is ‘n ander voorbeeld: hoe dikwels gebeur dit nie in die Kruger Wildtuin, dat daar leeus naby die pad lê, en dat mense uit hul motors klim om die groot katte beter te kan sien. Alle waarskuwings word totaal geïgnoreer. Die gevaartekens is

daar, maar dit is asof hulle dink dat daardie gevaarlike roofdiere hulle nooit as prooi sal aansien nie - asof hulle in ‘n dieretuin is waar die leeus anderkant die draad is.

‘n Vulkaan was besig om druk op te bou in Israel. Hulle het al die rammelinge gehoor, maar steeds steur hulle hul nie daaraan nie. En dikwels is dit presies dieselfde met ons as Christengelowiges.

Amos beskryf ‘n reeks besonderse natuurverskynsels - van ontydige droogtes wat totale oeste vernietig; van verwoestende siektes wat landerye tref; van sprinkane wat



**INHOUD**

alles voor hulle verteer, en selfs die trots van Israel, hulle olyfbome kaalvreet. Hongersnood en pes tref die land.

As ‘n ongelowige deur sulke rampe getref word, sien hulle die noodlot daarin. Hulle was bitter ongelukkig om op die verkeerde tyd daar te wees. Die gelowige sien egter die hand van die Here in sulke natuurverskynsels - hulle hoor die stem van die Here in die natuur. Wanneer ek vroegoggend deur een van ons pragtige kuswoude stap, soos die een by Umtinzini, dan is dit asof my hele menswees gevul word met die heerlikheid van die Here -

die hemelse voëlgesang; die geur van die plante en mos; die grootsheid van die woudbome. Ek hoor en ruik en ervaar die Here daarin. Die ongelowige ervaar dit totaal anders.

Vir Israel was die opeenvolgende natuur rampe ‘n vingerwysing van die Here - hulle het afgedwaal van die pad wat Hy wou hê dat hulle moes loop. Toe hongersnood hulle tref, moes hulle alreeds besef het dat hulle tot bekering moes kom. Hulle het nie. Toe raak hulle water op. Israel is nou nie juis ‘n waterryke land nie, en dit het gebeur dat mense van stad na stad


INHOUD

voortstrompel om hulle dors te probeer les - dikwels sonder sukses. Maar dit was steeds nie die einde van hulle smarte nie, want toe kom die sprinkane en peste, en verorber elke greintjie van wat nog eetbaar is, en die skroeiende oostewind verskrompel die bietjie koring wat nog die peste oorleef het.

En steeds hoor die volk die stem van die Here nie!

Amos laat die geskiedenis van die volk praat - die plae van Egipte, en die hand van die Here hierin om Sy volk te red uit die kloue van Farao. Hy vertel van Sodom en Gomorra

om die Here se oordeel oor sonde te illustreer.

Vandag is ons as gelowiges die volk van God. Ongelukkig is daar groot gedeeltes van hierdie volk wat afgedwaal het - lou geword het. Die Here praat vandag ook met ons, nes Israel van ouds. Die verwoestende aardbewing in Haiti en die verskriklike oorstromings en aardbewings op ander plekke in die wêreld, moes ons alreeds tot ons sinne geruk het. Dit het nader aan die huis gekom met die verskriklike droogte in die Oos-Kaap en oorstromings wat talle plekke van ons land die afgelope maande getref

 INHOUD

het. Vir ongelowiges is dit maar net rampe - vir ons as gelowiges kan ons nie anders nie as om God se waarskuwingsstem hierin te hoor: “Bekeer julle!”. Duisende gelowiges het alreeds daardie stem herken, en hulle pleit saam met die Here: “Suid-Afrika, draai terug na God!”

Sal ons nie maar leer uit die ervarings wat Israel gehad het nie? Die stem van God weerklink vandag vir ons helder en duidelik in die natuur. Daar is selfs die pikswart wolk van aardse verwarming wat dreigend oor ons hang. Kom ons bely ons sondes en breek daarmee. Kom ons draai terug en begin weer

om God te dien met alles in ons. Dan sal ons saam met Amos die heerlike loflied kan sing wat hy uitjubel in vers 13: "**Hy wat die berge vorm en die wind skep, Hy wat sy gedagtes aan die mens bekend maak, Hy wat die dagbreek donker maak, Hy wat oor die hoogtes gaan, Sy Naam is Here, die almagtige God!**"

**Gebed:**

**Here, ek kom kniel voor U en ek bely dat ek U nie dien soos U van my verwag nie. Vergewe asseblief my talle sondes, en lei my op die regte pad.**



INHOUD

# 9 Vier Sirkels (deel 1)

## Amos 5:1-7

Toe ek kind was, het dit vir my altyd groot lekkerkry gegee om ‘n klippie in die water te gooi. Pa het my geleer hoe om ‘n plat klippie te laat hop-hop-hop oor die gladde oppervlakte van ‘n dam, en toe ek dit die dag bemeester, het dit vir my hope pret gegee. Maar ek was ook gefassineer oor die golwe wat veroorsaak word as jy ‘n klip in die water gooi. Konsentriese sirkels van skokgolwe kring al wyer en wyer uit, totdat hulle uiteindelik daar teen die anderkantste wal wegsterf.

Amos gebruik dieselfde effek in hoofstuk 5 van sy boek. Die middelpunt (daar waar die klip die water tref) handel oor Lof aan die Skepper (vers 8-9). Die eerste sirkel van golwe handel oor die stand van reg (vers 7 en vers 10-13). Die tweede sirkel golwe handel oor die onderwerp: Soek die Here en leef (vers 4-6 en vers 14-15), en die buitenste sirkel golwe handel oor dood en begrafnis (vers 1-3 en vers 16-17).

Sosiale geregtigheid is ‘n baie aktuele tema - vandag, asook regdeur die geskiedenis. Dit was sosiale geregtigheid (of eerder


**INHOUD**

ongeregtigheid) wat die Franse revolusie aangeblaas het. En so was hierdie selfde onderwerp al die oorsaak van menige opstand en selfs burgeroorlog. Ook in Amos se boek is hierdie ‘n deurlopende tema wat sy teologiese en strukturele middelpunt vind in hoofstuk 5.

Hoostuk 5 begin met die buitenste sirkel - ‘n droewige dood en begrafnis, oftewel ‘n val sonder ‘n opstaan. “**Israel het geval en hy sal nie weer opstaan nie**”, snik Amos dit uit (vers 1). Kan jy tel hoeveel keer jy al in jou lewe geval het? Dalk baie kere, maar die belangrikste is dat jy weer opgestaan het. Jy is ‘n

wenner as jy een keer meer kan opstaan as wat jy geval het! Die droewige is dat Israel nie weer opgestaan het nie.

‘n Ruk gelede kom ‘n persoon na my Mosbolletjie toe, en hy simpatiseer oor my tragiese dood - hy het daarvan gelees in die koerant. Mosbolletjie moes hom baie gou reghelp, want in die kantoor langsaan was ek steeds springlewendig. Dit is nogal ‘n skok as jy moet hoor dat jy dood is! Die doodsberig was wel oor Louis Nel, maar dit was ‘n ander een. Amos maak egter nie ‘n fout as hy Israel se doodsberig aankondig nie. Ja,

 **INHOUD**

hulle was dalk verbaas om te verneem dat hulle gesterf het, maar vir Amos was dit ‘n voldonge feit dat Israel beslis nie sou oorleef nie. Hy sing selfs ‘n klaaglied of treurlied om te sê hoe hartseer en jammer hy is oor hulle afsterwe. Wat hierdie tragedie nog erger maak, is die manier wat Israel in die oorspronklike taal as ‘n maagd of ‘n jong meisie voorgestel word - iemand in die fleur van haar lewe. Dit het ongelukkig verlore gegaan in ons vertaling.

Daar is egter gelukkig ‘n tweede sirkel golwe wat ons tref op ons reis na die middelpunt. Hierdie sirkel se

tema is: "**Soek die Here en leef**" (vers 4-6). Amos sê dat Israel moet vergeet van Bet-El en Gilgal en Berseba - al hulle heiligdomme. Al wat Hy vra is dat hulle na Hom as Persoon toe sal kom. Hy is immers die Bron van die lewe - by Hom alleen is daar ware geluk.

Die vraag is: Hoe soek 'n mens die Here? Deur Hom te dien! Dit doen jy deur aan Hom gehoorsaam te wees (sy gebooie te onderhou), en in 'n intieme verhouding met Hom te leef.

Ons kom nou by die derde sirkel van buite af: die stand van reg. "**Julle maak van die regspraak 'n bitter**



INHOUD

**saak, julle trap die reg in die grond in**”, wys Amos vinger na die volk Israel (vers 7). Reg en geregtigheid is vir enige gemeenskap van uiterste belang. As Amos van regspraak praat, dan verwys hy na die gebruik in daardie tyd om regsbeslissings te maak in die stadspoort. Dáár is sake aangehoor, en ‘n regverdige uitspraak moes dan gemaak word. Regspraak is natuurlik die praktiese vrug van die reg of geregtigheid - ‘n begrip wat ‘n verhouding tussen mense of ‘n verhouding tussen God en mens uitdruk.

Reg en geregtigheid is die dinge wat van ‘n gemeenskap ‘n veilige plek maak waar jy sonder vrees kan leef. Ongelukkig het Israel regspraak in ‘n bitter saak omskep, deurdat Hy dit vertrap het. Die armes en swakkes wat veronderstel is om deur die reg gehelp te word, is juis daardeur benadeel.

Ek en jy as gelowiges word ook deur Amos aangespreek in ons moderne opset. Laat ons werklik reg en geregtigheid geskied in ons lewe? En nou verwys ek nie na die howe nie, maar na ons persoonlike lewe. Hierdie begrip kan ons alleen waarlik uitleef as ons in die eerste

plek die Here soek soos in vers 4-6 beskryf word. Maar dan vra dit ook van my om prakties die wet uit te leef soos Jesus dit vir ons gestel het, om waarlik liefde uit te leef. As ek 1 Korintiërs 13 deel van my lewe maak, dan kan ek nie anders as om reg te laat geskied nie. As ek die wil van die Here soek en dit prakties uitleef, dan sal geregtigheid in my lewe seëvier. Ek daag jou vandag uit om in jou werksituasie en ook in jou persoonlike lewe die wil van God te soek en te doen wat reg is, al word jy self hierdeur benadeel.

More kom ons DV by die middelpunt van die sirkels.



**INHOUD**

## Gebed:

**Here, gee my asseblief die wil en krag om geregtigheid in my lewe te laat geskied.**

# 10 Vier Sirkels (deel 2)

## Amos 5:8-9

Op die TV Program: “Onthou Jy”, vertoon hulle ‘n rukkie gelede beeldmateriaal van die tropiese sikloon Demoina wat die oostelike deel van ons land getref het. Die verwoesting wat daardie verskriklike reuse draaikolk veroorsaak het, het jou na jou asem laat snak. Die dorp Pongola was byvoorbeeld totaal van die res van die wêreld afgesny en paaie was verwoes. Brug op brug is meegesleur en reuse bome is uitgepluk deur die geweld van die vloedwater. Nie lank daarna nie, het



INHOUD

ons saam met ‘n paar vriende ‘n wildernis staptog in die Umfolozi wildtuin gedoen, en die een ding wat my met ontsag gevul het was die woude reuse wildevyebome wat die Umfolozirivier omsoom het, wat net eenvoudig verdwyn het voor die vloedwater. Die magtige rivier is letterlik kaalgestroop van al sy prag en praal, en net die kaal grou klippe het oorgebly.

As ‘n mens kyk na satellietbeelde van die gebeurtenis, dan sien jy hierdie magtige draaikolk van wolke wat strek oor honderde kilometers. In reg in die middel is daar ‘n senterpunt - amper ‘n vakuum waar

daar geen wolke is nie - die oog van die sikloon. Wat presies gebeur in daardie klein middelkolletjie? Baie wetenskaplikes het al hulle lewe gewaag om te probeer uitvind. Is die ganse geheim van die sikloon dalk opgesluit in daardie oog? Ek sal daardie vraag liewers nie probeer antwoord nie - ek is beslis nie ‘n weerkundige nie! Wat ek wel weet, is dat dit my met baie groot ontsag vul.

Ons kom vanoggend by ‘n totaal ander soort middelpunt - die oorsprong van die vier sirkels van skokgolwe wat ons klippie in die water gemaak het. Alles het in

hierdie middelpunt ontstaan, en dit het uitgekring na buite. Amos sien hierdie middelpunt ook as die oorsprong van alles, en wanneer hy in die nag saam met sy skape in die veld, die hemelruim aanskou, dan val hy in aanbidding neer voor die Een wat die sterrekonstellasies, Sewester en Orion gemaak het - die Skepper van alle sienlike en onsienlike dinge. Sy lied verander skielik van ‘n aanklag op Israel na ‘n loflied tot eer van God. Dag vir dag kan ons Sy skeppingswerk aanskou - die dagbreek met sy kleurewonder, waar die lug en wolke kwistig met ‘n reuse verfkwas in asemrowende


INHOUD

kleure getooi word. As skaapboer het Amos sekerlik menige oggend die dag sien breek iewers in die veld, en in aanbidding hierdie wonderwerk aanskou.

Het jy al in totale verwondering iewers in die bos die laaste strale van die son beleef? Daardie goue uur wanneer die son soos ‘n reuse, vlammende goue bal tussen die doringbome insak en lug vul met sy suiwer goue strale - dit is die tyd wanneer ‘n mens jou trane van verwondering nie kan keer nie. En as die vlieswolkies elke minuut verander in die mees delikate pastelkleure, dan kan jy nie anders


**INHOUD**

nie as om in ‘n spontane loflied uit te bars vir die Skepper van dit alles. Ja, Amos het dit ook menige keer aanskou, en hy het geweet dat dit die hand van die Here is, en hy sing sy loflied ter ere van Hom, die Almagtige, die Middelpunt, die Oorsprong.

En het jy al ooit ‘n dag beleef, waar die noordewind die aarde verskroei en jou kosbare asem uit jou longe wil ruk? En dan, skielik, laatmiddag, gaan lê die wind, en jy voel dat hier iets groot gaan gebeur. Daar kom ‘n drukkende stilte, hoogswanger met verwagting. Selfs die diere in die veld is rusteloos. En dan sien jy dit:

‘n pikswart wolkbank doem op uit die ooste en borrel oor die Lebomboberge vanuit Mosambiek - tot oorlopens toe volgelaai met miljoene tonne water wat geskep is uit die Mosambiekse kus. Skielik ruik jy nie meer die verstikkende stof nie, maar die geur van reën vul jou neusgate. En dan maak die sluise van die hemel oop en die verskroeide aarde word gebaai in ‘n koele lafenis wat lewe gee in oorvloed. Jy dans in die gietende reën terwyl jy jubel en die Here loof en prys. En die rooibokkies huppel en spring uitgelate. Ja, ook dít het Amos beleef in die dorre landskap



**INHOUD**

van Israel, en hy het deeglik besef dat dit alleen die handewerk kan wees van die Skepper.

Ons maak so dikwels ‘n groot fout in die lewe, om alles maar net te aanvaar as vanselfsprekend. Kom ons maak ‘n punt daarvan om die skeppingswonder agter die alledaagse raak te sien. Kyk ‘n slag mooi na die volmaakte skoonheid van ‘n eenvoudige blommetjie, en sien die ragfyn wonderwerk raak as ‘n kunswerk uit die hand van die almagtige Skepper. Word klein voor die ontsagwekkende, brute krag van ‘n weerligstraal, en besef dat God hierdie ongelooflike natuurkragte


INHOUD

geskep het. Stap langs ‘n bergstroompie en drink die kalmte en rustigheid van die koel, kabbelende water in, en hoor in die stilte en voëlgesang die stem van God. Kan jy dan anders as om in ‘n spontane lofbetuiging uit te bars vir Hom? Of gaan sit by die see langs ‘n rotspoeletjie met laagwater, en verwonder jou aan die kleurvolle wonderwerk wat voor jou oopvou van klein rotsvissies en helderkleurige anemone met hulle vlesige vingertjies en ragfyn waaiertjies. Sal jy nie dan in verwondering voor Hom neerval nie?

**Gebed:**

**Here, vanoggend wil ek U loof en prys, want U is wonderbaar. Hoe sal ek ooit al U lof kan besing?**

# 11 Vier Sirkels (deel 3)

# Amos 5:10-17

Van die middelpunt af begin ons nou weer een-vir-een die golwe kruis na buite. Die eerste kring wat ons oorsteek is die stand van reg. Dit voel dikwels vir ons asof ons teen ‘n muur vasgeloop het - ‘n muur van onreg. Moedeloos staan ons en toekyk wanneer die media of enkelinge in die politieke arena reuse korrupsie en onreg blootlê, maar dan is die waarheid totaal onwelkom, en word diegene wat die waarheid soek, uitgekryt as moeilikheidmakers. Wanneer die



INHOUD

waarheid nie meer welkom is nie, is dit ‘n simptoom van ‘n totaal-korrupte gemeenskap. Ek hoef nie eers hierop uit te brei nie - elkeen sal weet waarvan ek praat.

Amos skryf van die arm mense wat vertrap word, terwyl diegene wat hulle laaste bietjie koring van hulle afpers in pragtige huise van gekapte klim woon, en wyn drink wat uit hulle lowergroen wingerde kom. Amos waarsku dan ook dat diegene wat hulle so aan magsmisbruik skuldig maak, alles gaan verloor - hulle luukse wonings en hulle wingerde. Dit was ‘n bose tyd waarin Amos geleef het. Maar is dit nie dalk nét so

‘n bose tyd waarin ons vandag leef nie? As gelowiges staan ons magteloos teen die verskriklike oormag van boosheid, en is ons beste pogings maar ‘n druppel in die emmer. Maar weet verseker: God sien alles! Die wiel draai, en Hy sal geregtigheid laat geskied. Daarom kan ons maar rustig wees daaroor, want dit is nie in ons hande nie, maar in Sy uiters bekwame hande.

Dit bring ons dan by die tweede golf: Soek die Here en leef! “**Probeer goed doen, nie verkeerd nie, dat julle kan lewe**”, pleit Amos in vers 14. As kinders het ons Cowboys en Crooks gespeel, waar goed teen

kwaad geveg het in ‘n verbete stryd. Die tema van goed teen kwaad kom tot uiting in William Sheakspeare se klassieke werke, en word telkemale herhaal in duisende boeke en rolprente wat deur die jare vervaardig is - die jongste daarvan die treffer: Avatar. Maar ook in ons eie lewe speel daardie verskriklike stryd hom af. Daar is elke dag die konflik, en ek moet ‘n wilsbesluit neem - ek moet kies of ek sal toegee en die maklike (dikwels baie lekker!) pad gaan loop van kwaad (sonde), en of ek eerder gaan vasbyt en die regte ding doen, al



**INHOUD**

verg dit van my baie inspanning en ongemak en selfs vervolging.

Om goed te dien, soos Amos by ons pleit, is nie maklik nie. Dit beteken in die eerste plek dat jy moet haat wat verkeerd is. Let wel: dit is nie bose mense wat jy moet haat nie, maar die verkeerde dinge wat jou eie lewe kruis! ‘n Aandjie saam met die manne in ‘n ontkleeklub, klink na ‘n opwindende idee. En as jou pêlle jou aanpor om saam te kom - dis tog net ‘n bietjie onskuldige pret - dan is dit bitter moeilik om nee te sê. En as jy dan uit pligsgevoel weier, maar jou hart is steeds saam met jou maters, dan kon jy net sowel maar

saamgegaan het. Dit vra dan eintlik van jou om ‘n wilsbesluit te neem om sulke sondighede te haat. Alles kom neer op die regte verhouding met die Here, want daardie sondekol moet gevul word met iets totaal anders: liefde vir dít wat goed is. Wanneer dit die dag in jou lewe gestalte kry, dan gebeur daar iets wonderliks met jou - jy begin waarlik te lewe! Nou is dit nie meer wêreldse plesier en die materiële wat jou gelukkig maak nie, maar die wonderlike blydskap wat alleen God kan gee wat jou lewe vul.

Dit bring ons dan weereens by die buitenste kring: Dood en begrafnis.


**INHOUD**

Amos beskryf 'n treurmare: "**Ag tog, ag tog!**", snik die bedroefde begrafnisgangers dit uit. Op die strate, op die vlaktes en selfs in die wingerde klink die klaagliedere van die treursangers op. So sien Amos dit in sy geestesoog gebeur as Israel nie gehoor gee aan die finale oproep van die Here om tot inkeer te kom nie. Die verskriklike oordeel van die Almagtige God sal hulle tref. Israel se begrafnis is op hande!

Hoe moet ek en jy as gelowiges hierdie profesie van Amos sien? Ons eerste reaksie is om dit met ons eie land, Suid-Afrika (of is dit Australië?) te vergelyk, en dan presies dieselfde

dinge raak te sien wat Amos beskryf van Israel. Natúúrlik mag ons nie blind wees vir die onreg wat so verskriklik seëvier in ons land nie. Ons moet dit raaksien, en ons durf nie daaroor stilbly nie. Ons moet ook bid vir ons leiers, dat hulle tot inkeer sal kom en die Here sal leer ken.

Maar die belangrikste is dat ek en jy persoonlik gaan introspeksie doen - dat ons gaan kyk na ons eie lewe deur ‘n vergrootglas, sodat ons die verkeerde dinge daarin kan raaksien. ‘n Gelowige se lewe behoort gevul te wees met die heerlikheid van die Heilige Gees. Ongelukkig is ons lewe soos ‘n

emmer vol sonde-klippe. Die Heilige Gees is wél daar, maar daar is so baie klippe in ons emmer dat daar min plek is vir Hom. As ons daardie sonde-klippe uitgooi, is dit slegs die Heilige Gees wat oorbly, en wat ons ganse lewe kan vul. Wat ‘n wonderlike gedagte. Kom ons maak plek vir Hom sodat ons voluit kan lewe tot eer van God!

**Gebed:**

**Here, dankie vir die heerlike beloftes van oorvloedige lewe as ons in U bly. Help my ook om ‘n nuwe perspektief te kry en U te dien met alles in my.**



INHOUD

# 12 Die Oordeelsdag van die Here

## Amos 5:18-20

Sing-sing trap hy sy baaisiekel op die klipperige bospaadjie. Dit is al sterk skemer, en daar sit so ‘n hollerige kol op sy maag, want die leeus is maar baie bedrywig in Marloth Park. Kort-kort hoor jy van iemand wat leeus teëgekom het. Maar hierdie gedagtes skuif hy gou-gou uit sy kop uit - vanaand is daar gróót paartie by sy pêl se huis, en dit wil hy nie misloop vir enigiets nie. Boonop is hy mos op sy baaisiekel, en watter leeu sal hom dan nou op sy blitsige wiele kan vang? En so

wiel hy voort oor die hobbels die komende nag in - vrolik en al singende.

Maar in ’n oogwink verander sy vrolike luim in een van afgryslike skok. Sy sing is skoon weg, en in die plek daarvan weergalm ‘n gil van angs, as hy om die draai briek dat die klippertjies in ‘n reënwolk oor die doringbome neersif. Vlakvoor hom lê ‘n trop leeus in die middel van die nou stofpaadjie. In een enkele beweging gooi hy sy ryding se neus in die teenoorgestelde rigting en begin trap dat die klippe weereens spat en die speke sing. Spierwit geskrik en met ‘n hart wat dreig om

by sy keel uit te spring, kyk hy ‘n paar minute later oor sy skouer. Groot is sy verligting as hy niemand sien wat hom volg nie.

Nou begin hy plannetjies maak: Daardie paartie - moet hy dit liewer los? “**Naaaa!**”, sê hy hardop vir homself - hy sal liewer ‘n ander pad ry daarheen - hy is hoéka al baie lus vir ‘n bietjie van dáái vuurwater, en hierdie noue ontkoming het hom júis baie dors gemaak. Hy ry ‘n groot ompad om by sy pêl se plek te kom, en dié slag is sy sing nie meer een van plesier nie, maar een van bang-geit. En sy ergste vrese is nie verniet nie, want leeus beweeg


INHOUD

vinniger deur die bos as wat jy kan droom, en soos dit moes kom, kruis hulle sy paadjie op die presiese oomblik wat hy om die draai kom. Hierdie slag is daar nie tyd om nog te briek nie, en hy jaag reg in die maanhaar se kake in. Sy benoude doods-gille weergalm deur Marloth Park se doringbosse as die leeus hom wreed aanval en byt. Hy baklei terug, maar hy weet sy einde het aangebreek.

Maar sy tyd was nog nie daar nie - iemand het op daardie oomblik met ‘n motor die pad afgery gekom. Die persoon verjaag die leeus en hy word van ‘n gewisse dood gered. Sy

wonde is egter afgryslik, en hy word na Nelspruit hospitaal geneem waar hy etlike maande in die grootste pyn lê om te herstel.

‘n Rillerstorie? ‘n Ware verhaal! Amos vertel ook ‘n storie, en hy begin die met die woord: “Ellende”. Dit is ‘n woord wat mense gebruik het as daar dood is, en jy treur bedroef. Die profetiese boeke gebruik dit om die oordeel van God aan te kondig. Amos vertel van die skrikwekkende ervaring van iemand wat weghardloop vir ‘n brullende leeu. Dit moet sékerlik die verskriklikste ervaring óóit wees! Maar dan, nes die gevaar verby is,

hardloop hy hom trompop vas in ‘n verwoede beer. Hy spring om en hardloop so vinnig as wat sy bene hom kan dra, en dan slaag hy om tóg veilig by die huis te kom. Uitgeput, heigend na sy asem, leun hy teen die muur om tot sy sinne te kom. En dan gebeur die totaal onverwagse: Hy sien nooit die slang raak wat sy huis ingesluip het nie. Die dodelike dierasie pik hom!

‘n Gru-verhaal? Amos wil hiermee illustreer dat niemand die oordeel van God kan vryspring nie. Jou beste pogings is totaal verniet, want as jy die een gevaar uitoorlê, wag die volgende een vir jou om die

draai. Israel het gedink dat hulle die oordeel sou vryspring - hulle was immers die volk van God! Waarom sou hulle dan veroordeel word? Die oordeel is dan tog iets wat bedoel is vir die heidennasies! Amos se storie het vir hulle ‘n wrede ontnugtering gebring. Eweneens het die leeu-verhaal van Marloth Park ‘n ontnugtering gebring, want die man was nie ‘n onwettige Mosambieker wat kom steel het nie, maar ‘n sekuriteitsbeampte van die dorp!

Opnames het getoon dat 70% van Suid-Afrikaners Christene is. Die vraag is of dit genoeg is om jouself met die Christelike geloof te

vereenselwig om God se oordeel vry te spring? Ongelukkig is die antwoord een wat jou nekhare laat regop staan: “Nee!”. Selfs al beskou jy jouself as ‘n Christen, en glo jy dat God bestaan, spring jy steeds nie die ewige straf van die onbeskryflike marteling van die hel mis nie. (Terloops, die duiwel glo ook aan God!)

Romeine 3:23 stel dit onomwonde: “**Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie**”. Is daar dan ooit iemand wat dit gaan vryspring? Ja! Inderdaad! Romeine 3:23 gaan verder: “**maar hulle word, sonder dat hulle dit**

**verdien, op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus**". Die leeu-man van Marloth Park is gered deur iemand - hy kon homself nie red nie. Jesus Christus is die enigste Een wat 'n mens kan red van die oordeel - jouself kan jy nie red nie. Slegs 'n persoonlike verhouding met Jesus vrywaar jou van die oordeel. My vraag aan jou is: "het jy al daardie vrywaring?"

**Gebed:**

**Here, dankie dat U vir my die vrywaring gegee het van die oordeel wat kom.**

# 13 ‘**n Kruis-Liefde**

# **Amos 5:21-27**

Ons Dag se Brood het nog ‘n mylpaal bereik: Vandag se dagstukkie is nommer 1500. Al die lof en dank en eer gaan aan God wat getrou is, en Wie nie een enkele dagstukkie oorgeslaan het nie. Hy (die Heilige Gees) is die Outeur van elke dagstukkie, en ek is maar net Sy sekretaris.

Het jy al ooit mooi gekyk na ‘n kruishout? Daar is twee aparte elemente - eerstens die regop paal wat vertikaal staan, en dan die dwarsbalk wat horisontaal lê. Saam

vorm hulle ‘n onlosmaaklike eenheid. Ons geloofslewe behoort soos ‘n kruis te wees: die vertikale “regop-paal”, wat ons verhouding met die Here voorstel, en die dwarsbalk wat ons horisontale verhouding met ander mense voorstel. Die een kan nie sonder die ander nie, want dan is dit nie meer ‘n kruis nie. Ons weet almal hoedanig ons vertikale verhouding met die Here behoort te wees, maar dit is gewoonlik die horisontale verhouding met ander mense wat totaal afgeskeep word. En as dit gebeur, dan kan ons net sowel ons verhouding met die Here vaarwel


INHOUD

roep, want sonder die regte verhouding met mense is ‘n poging om die Here te aanbid nutteloos.

Amos stel dit baie kras en absoluut onomwonde as hy vir Israel sê hoe die Here voel oor hulle Godsdiens: “**Ek haat, Ek verafsku julle feeste**”, is sy skok-boodskap, “**Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing; Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie!**”. Hoe verskriklik! Dink net: Hoe sou ons voel as die Here vir ons moet sê: “**Oor ‘n paar weke wil julle alweer Paasfees vier, en Goeie Vrydag? Moenie eers daaraan dink nie - Ek die Here het ‘n afsku in julle skynheilige fees!**”.


INHOUD

Dit sou ‘n skokkende ding wees om te sê, en ek dink baie mense sou my wou kruisig as ek so ‘n stelling sou wou maak. Maar ek dink dit is presies wat die Here dink van sommige van ons gelowiges se mooi poging om wél hierdie fees te vier. Ek ken mense wat slegs tweekeer per jaar in die kerk kom: op Kersdag en op Goeie Vrydag - net om te wys dat hulle nie totaal van die Here vergeet het nie!

Maar dit is nie waaroor dit hier gaan nie. Amos verduidelik waarom die Here hulle feeste haat: Hulle (Israel, die volk van God) het net die vertikale verhouding met God


INHOUD

onderhou, en die horisontale verhouding met hulle medemens totaal afgeskeep. Die “reg en geregtigheid” waarvan ons in ‘n vorige dagstukkie gepraat het, het totaal ontbreek, of waar dit nog voorgekom het was dit maar bitter sporadies.

Het jy al ooit langs die strand gaan sit en totaal in jou gedagtes verlore geraak as jy kyk na die branders wat so aangerol kom? Daar is mos nie ‘n einde aan die branders nie - as die een sy laaste druppels spoel oor die strand, rol die volgende alweer aan - nimmereindigend. Ja, daar is laagwater waar die branders kleiner

is, maar steeds rol en rol en rol dit voort. En dan kom die hoogwater weer waar reuse golwe voortbulder - dag en nag, week na week, jaar na jaar. Net so, sê Amos, moet ‘n gelowige se “geregtigheid” wees - ‘n nimmereindigende waterstroom. Die golwe aan ons kus hou nooit, ooit op nie - hulle gaan staan nie stil vir ‘n tydlank nie. Net so kan ‘n gelowige ook nie sy “geregtigheid” vir ‘n tydlank staak nie - dit moet ‘n standhoudende rivier van geregtigheid wees.

Wat word bedoel met “geregtigheid”? Ons het uit vorige dagstukkies gesien dat die welaf

Israeliete diegene wat laer af op die tak gesit het, verdruk het. Hulle het liefdeloos opgetree. "Geregtigheid" het vir ons 'n baie wyer betekenis, want Jesus het dit duidelik uitgespel wat God van ons verwag ten opsigte van ons medemens - 'n onvoorwaardelike liefde - selfs al is hy jou vyand! Toe Jesus gevra is om die wet op te som, het Hy gesê dat dit behels om God lief te hê, maar dat die tweede gebod wat daarmee **GELYKSTAAN** is om jou medemens lief te hê. Dit is nie 'n minderwaardige gebod nie, maar is gelykstaande aan jou liefde vir God! Die een kan nie sonder die ander


INHOUD

nie. As jy slegs mense liefhet is dit humanisme; as jy slegs vir God liefhet, is dit skynheiligheid. Albei is ewe belangrik.

Die vraag wat ek myself vandag moet afvra is: hoe moet daardie "geregtigheid" - die liefde vir my medemens lyk? O, ek weet hoe my liefde vir God moet lyk, en ek probeer hard om dit tot uiting te bring. Maar my naasteliefde? As ek vieslike of afbrekende grappies stuur oor die internet, van bekende mense - is dit liefde? As ek iets kwetsend sê oor 'n kollega wat nou nie juis so gewild is nie - is dit liefde? Paulus som ware Goddelike liefde so mooi


**INHOUD**

op in 1 Kor 13, as hy sê dat liefde geduldig en vriendelik is, en dat dit nie afgunstig, grootpraterig of verwaand is nie; dat dit nie onwelvoeglik handel of eie belang soek nie; dat dit nie liggeraak is of boekhou van die kwaad of hom verbly in die onreg nie, maar dat dit hom verheug in die waarheid. Hierdie is ‘n baie groot mondvol, maar dit is waaroor ons liefde teenoor ons medemens (al is hulle jou vyand) waarlik gaan. Ons kan dikwels so pragtig bid en so sielsverrykend lof- en aanbiddingsliedere vir God sing, maar dit is alles tevergeefs as ons

nie terselfdertyd die liefde waarvan Paulus praat, uitleef nie.

**Gebed:**

**O Here, ek staan vanoggend alweer diep skuldig voor U, want my liefde vir my medemens skiet baie ver tekort.**

# 14 Luuksheid en Armoede

## Amos 6:1-7

Israel het ‘n tydperk van groot voorspoed beleef, en die volk (dit is nou die rykes) het in luukse weelde geleef. In die hoofstad van Juda, Sion, was dit rustig - niemand het hulle gepla nie. En in die hoofstad van Israel, Samaria, het almal veilig gevoel. Dit was ‘n baie mooi tyd vir diegene wat dit kon bekostig. Vir die rykes was net die beste goed genoeg - selfs ivoor inleg in hulle beddens - dit spreek van mense wat soveel geld gehad het dat hulle nie geweet het wat om daarmee te doen



INHOUD

nie. Lui-verby het hulle uitgestrek gelê op hulle luukse, gemaklike rusbanke, terwyl hulle bedien is van kop tot tone deur hulle slawe en diensknegte.

Wie het nou gewerk soos volk? As jou slawe vir jou alles kon doen, dan het jy mos die lewe geniet! Nét die beste kos is voorgesit - die sagste, sappigste snitte van lam en kalfsvleis, en dit terwyl die orkes die nuutste treffers speel op harpe en ander rustige musiekinstrumente. Die lug word gevul met die heerlike, subtiele geure van eksotiese, peperduur reukolies wat ingevoer is uit die verre Ooste teen groot koste.

En die kanne wyn is net van die hoogste gehalte - daarvan is daar in oorvloed in die offerkomme.

Selfs op die politieke front gaan dit rustig en vreedsaam - al die onrus is buite Israel se grense. Noord van die land is die Siriese stede: Kalne en Hamat nou wel deur die Assiriese Ryk aangeval en verower, maar dit is mos Sirië en nie Israel nie. En die buurland, Juda het die Filistynse stad Gat (suid van Israel) aangeval en ingeneem. Dit sal die Filistyne leer! Maar dit is alles daar ver, buite die grense van Israel - hier leef ons lekker! Hier heers voorspoed!

**“Ellende wag vir dié wat so rustig in Sion woon, dié wat so veilig voel op Samariaberg**”, waarsku Amos. Die woordjie “Ellende” is ‘n uitroep van smart wanneer jou geliefde sterf. Daar wag ‘n dag op Israel wat gehul gaan wees in die grootste bittere droefheid en smart - ‘n swart dag waarin alles verlore sal wees - ‘n dag waar selfs die magtige koningshuis wat soveel stabiliteit en sekuriteit aan die land verleen het, nutteloos sal neerval in die stof.

Hierdie profesie word gerig aan al die vername mense - diegene wat op hulle gemaklike rusbanke uitgestrek lê om bedien te word. Is

hulle werklik so verskriklik belangrik as wat hulle probeer voorgee? Amos maak dit baie duidelik vir hulle dat daar nie ‘n verskil is tussen hulle en die heidense stede wat so wreed in die stof gebyt het nie. Hulle hele lewenshouding en leefstyl van gemaksug en arrogansie en selfversekerdheid en selfvergenoegdheid weerspieël absoluut niks van hulle uitverkiesing as die volk van God nie. Hulle moet ook gladnie te gerus wees nie - die heidense stede Kalne, Hamat en Gat, wat oorrompel is deur die vyand, het ‘n baie groter grondgebied gehad as Sion en

Samaria. En wat het van hulle geword? Is die Joodse stede dan soveel beter?

Die rykes van Israel het geleef asof daar nooit iets met hulle sou gebeur nie - asof die oordeel van God hulle nooit sou tref nie, want hulle is mos die uitverkore volk. Gebaai in die weelderige geur van reukolie wat hulle ‘n oneindige gevoel van genot gegee het, het hulle in ‘n salige dwaasheid voortgeleef.

Leef ons nie dikwels ook maar in daardie salige dwaasheid nie? Amos is tydloos, en so byna drieduisend jaar later leef ons gelowiges (die

nuwe volk van God) nog steeds voort in dieselfde waan van valse geluksaligheid. Ons hou ons blind vir die onreg en die armoede en die ellende wat ons omring, en verlustig ons in weelde en luuksheid en vermaak. Ons bou reuse sportstadions en luukse geboue en indrukwekkende lughawens, en ons koop vir ons ultra-duur duikbote en vegvliegtuie, en dit terwyl daar miljoene in ons land is wat nie kos het om te eet nie. Ons bou vir ons paleise wat miljoene kos, terwyl daar talle mense is wat 'n skuiling aanmekaar moet flans van 'n paar geroeste sinkplate vol gate,

waardeur die reën en wind hulle teister. Ons sit in sagte leerstoele in teaters en kyk die nuutste 3D rolprentwonders, en eet eksotiese disse in duur restaurante, terwyl daar miljoene daar buite wonder of hulle die volgende dag ‘n broodkorsie sal hê om te eet.

Ek dink nie Amos se bedoeling is dat ons nou skielik alles moet opgee en ons mooi klere verruil vir goiingsakke nie. Ons moet egter wakker skrik en ons oë oopmaak. Ons moet in die eerste plek die tekens van die tye raaksien - die natuur wat vertel dat ons op ‘n steil afdraende-pad is, en die dinge wat

gebeur wat wys dat Jesus se wederkoms baie naby is. Maar ons moet ook die nood rondom ons begin raaksien, en nie maar net sê: “foeitog!” nie, maar van die oorvloed wat ons het gebruik om ander in nood te help. Kom ons offer ‘n bietjie van ons eie gemak op om te help om die verskriklike ellende waarin sommige mense leef te verlig - om ‘n glimlag op iemand in nood se gesig te plaas. Kom ons leef liefde!

**Gebed:**

**Here, maak asseblief my oë oop vir die nood daar buite; gee vir my ‘n vrygewige hart en ‘n oop hand.**

# 15 Hooghartigheid

## Amos 6:8-14

Drieduisend seshonderd jaar gelede was daar ‘n hoogsontwikkelde beskawing op die Griekse eiland Kreta. Opgrawings het die mooiste kunswerke denkbaar blootgelê. Hierdie mense het in absolute luuksheid geleef en ‘n lewensstandaard gehad wat al hulle bure baie ver vooruit was. En toe, eendag, toe verdwyn hulle van die gesig van die aarde af. Al hulle mooi paleise is verwoes, en skielik het die ganse beskawing net ophou bestaan. Wat het gebeur? Argeoloë



INHOUD

het kop gekrap oor hierdie eienaardige geval. Deur jarelange speurwerk en met die hulp van deskundiges oor ‘n wye spektrum, het hulle uiteindelik ‘n prentjie begin vorm van wat daar gebeur het.

Sowat 120 km noord van Kreta is daar ‘n klein eilandjie met die naam Santorini. 3600 Jaar gelede het ‘n verskriklike ramp hierdie eilandjie getref, toe daar ‘n vulkaniese uitbarsting was wat groter was as enige ander wat ooit in die menslike geskiedenis van die Middelandse See plaasgevind het. Die ontploffing van rots en magma het al die Griekse eilande gehul in ‘n pikswart

wolk van as en rook wat honderde kilometer die hemelruim ingeslinger is. So erg was hierdie ontploffing, dat 'n reuse gat in die aarde geruk is, en 'n groot deel van die eiland vir ewig onder die see verdwyn het.

Die gevolge van hierdie uitbarsting het egter baie verder gestrek as net Santorini. Dit het 'n reuse tsunamis veroorsaak wat die kus van Kreta getref het teen 'n duiselingwekkende spoed en met verwoestende krag, wat op plekke etlike kilometers ver die binneland in, alles en almal meegesleur het. Hemelhoë skokgolf op skokgolf storm aan teen die kus en verbrysel alles in sy pad. Vir die


**INHOUD**

inwoners op Kreta, wat hulle stede almal langs die kus gehad het, was daar absoluut geen waarskuwing en geen wegkomkans nie. In ‘n oogwink is ‘n ganse beskawing van die gesig van die aarde af weggevee, sodat daar vandag slegs enkele muurskilderye en kunswerke oorgebly het, wat begrawe was onder die meters puin, om ons te herinner aan die weelde van weleer.

‘n Mens sidder as jy dink wat sou gebeur as so ‘n tsunamis Suid-Afrika moes tref. Die ganse stad, Durban sou verdwyn, en van ‘n mooi kusdorp soos Ballito, sou daar weinig oorbly. Dit is egter wat Amos

beskryf as hy praat van die toorn van God oor die volk Israel wat so diep in sonde verval het: "**Ek het 'n weersin in sy mooi huise!**", dra Amos die boodskap van die Almagtige oor aan die volk. Later sê hy: "**Wanneer die Here die bevel gee, word die huise platgeslaan, in puin gelê, groot en klein.**" Dit sou egter nie 'n tsunamis wees wat Israel sou tref nie, maar die vyand wat hulle sou verwoes.

Ons moet die vraag vra: "Wat is dit dan wat die toorn van God so laat ontvlam?". Ons het reeds uit die vorige gedeeltes verskeie dinge gesien, waarvan die volk se

onderdrukking van die minder bevoorregtes seker die belangrikste is. In hierdie gedeelte kom daar egter ook ‘n paar ander na vore: die eerste is hulle hooghartigheid, waarin die Here ‘n afsku het. Die woordeboek beskryf die betekenis van hierdie woord, as om verwaand te wees, of ‘n groot gevoel van eie waarde te hê. Nou wat sou daarmee verkeerd wees?

Ek ken mense wat baie hooghartig is, en dan is daar net één enkele mens in daardie persoon se lewe - hy sélf. ‘n Baie goeie voorbeeld hiervan is die meeste ouens wat hulleself in die politiek begewe (daar

is tóg enkele uitsonderings!). Politiek maak ‘n mens uiters egosentries, en ál waaraan jy dink is om héél bo op die stellasie te kom, al trap jy op talle koppe. Jy maak die regte geluide, en gee voor dat jy die volk se belange op jou hart dra, maar intussen verryk jy jouself en ry die luuksste motors en bly in paleise.

Ongelukkig kom hierdie hooghartigheid op alle vlakke van die samelewing voor, en dit sypel dikwels selfs die kerk binne. Die probleem is dat daardie gogga op verskeie terreine van ’n mens se lewe manifesteer. Dit is nie alleen jou medemens wat daaronder lei

nie, maar dit maak ook dat jy begin vergeet van jou afhanklikheid van God. “Ek is in volle beheer van my eie lewe!”, is gewoonlik die lewensuitkyk van iemand wat hooghartig is. Dikwels is so ‘n persoon ‘n werkslaaf, en daar is nie tyd vir enigiets anders nie - veral nie vir God nie. Hy kry die bewondering van mense, want hy is ‘n “selfgemaakte” man wat deur harde werk homself opgewerk het van niks na die hoogste vlak. Nee, daar is niks verkeerd met harde werk nie, maar dit is die gesindheid wat tel, en aan wie die eer gaan vir jou sukses.

Ek en jy moet egter nie probeer vinger wys na ander nie - ons moet kyk na ons eie lewe. Kry die Here ooit die eer wat Hom toekom? Leef ek in totale afhanklikheid van Hom, en besef ek hoeveel ek aan Hom te danke is vir alles wat ek het? Maak ek genoeg tyd vir Hom? En hoe behandel ek my medemens? Kom ons begin by onsself, en laat ons lewe 'n suurdeeg wees wat elkeen rondom ons se lewe sal beïnvloed.

**Gebed:**

**Here, ek bely vanoggend dat daar so ‘n oormag is van hooghartigheid in ons land, en ek is sélf ook skuldig daaraan. Wees ons genadig en vergewe Heer - asseblief!**

# 16 Sprinkane, Vuur en Skewe Bouwerk

## Amos 7:1-9

As ek vir iemand sou sê: "Jy moet ophou rook - dis sleg vir jou gesondheid!", dan sal hy my uitlag, of dalk instemmend antwoord, maar net eenvoudig aangaan met sy skadelike rookgewoonte. As ek egter vir hom fotos wys van hoe iemand se longe lyk wat vir jare gerook het, en vir hom in gruwelike grafiese detail beskryf van die lyding wat dit kan veroorsaak wanneer emfiseem of longkanker jou tref, dan mag dit dalk 'n baie groter invloed hê, en is

die kanse goed dat hy sal ophou rook.

Amos het oor die afgelope ses hoofstukke vir die volk gepreek en by hulle gesmeek om op te hou met hulle sonde, maar dit was alles puur verniet - hulle het hulle nie aan hom gesteur nie. Nou kom Amos en hy skilder vir hulle ‘n prentjie van ‘n paar visioene wat hy gesien het. Presies hoe hy die visioene beleef het, weet ons nie, maar dit moes iets bonatuurlik gewees het wat so naby aan die werklikheid was, dat hy dit nie van die werklikheid kon onderskei nie. Daar was altesaam vyf sulke visioene wat hy gesien het.

Dit was amper soos ‘n televisiereeks met vyf episodes wat voor Amos afgespeel het, en dit het ‘n geweldige groot indruk op hom gemaak.

In die eerste visioen sien hy hoe die Here besig was om ‘n sprinkaanswerm te vorm. Dit was laat lente, en die laaste reëns voor die bloedige warm, droë somer het so pas geval. Al die gras was afgesny om hooi te maak, en die nuwe groen grassies wat vir die diere moes kosgee deur die somer, het pas uitgeloop. Dit is met groot skok wat Amos die groeiende sprinkaanplaag dophou, want dit


**INHOUD**

spel net één ding: As hulle eers ’n swerm vorm, dan gaan alles wat eetbaar is verteer word, en daar sal nie weer kans wees vir enigiets om te groei in die somer nie, want die reëns is verby. Dit sal die einde van die volk beteken, want die diere gaan vrek en die volk gaan doodgaan van die honger. Dit sal ‘n verskriklike ramp wees!

Vandag is daar goeie plaagbeheer, en sprinkaanswerms kry nie kans om werklik groot skade aan te rig nie. Ouma het my egter vertel van die vernietigende krag van ‘n sprinkaanswerm. Hulle het dit beleef, as daardie wolk van insekte

oorgevlieg kom en dit donker word. Waar die swerm land, is dit soos ‘n vreetmasjien wat alles, maar álles verteer voor hulle - elke grashalmpie, vrugtebome, mielielande, groentetuine - álles! Hulle het tevergeefs probeer om die goed weg te jaag met geraas en op blikke slaan, want as die een klomp opvlieg, is daar tien ander om weer die gat te vul. Dit was ‘n nagmerrie.

Sprinkane was gesien as die oordeel van die Here in die Ou Testament, en die Here het dit dan ook so gebruik in Egipte teen die Farao toe hy nie die Israeliete wou vrylaat nie. Amos het die volk vertel

van hierdie verskriklike oordeel, en toe smeek hy die Here om asseblieftog nie die volk te straf nie. Hy beroep hom op die Here se genade - hy maak nie eers verskoning vir die volk se sonde nie, want daar was geen verskoning nie. Sy enigste hoop is dat die Here darem tog hulle voorvader, Jakob sal onthou...

En die Here was genadig!

Dan sien Amos in ‘n tweede visioen ‘n reuse verterende vuur. Wat presies hierdie vuur behels het, sê hy nie, maar dat dit iets verskriklik is, is baie duidelik. So erg is die vuur

dat dit al die grondwater laat opdroog. Sien, die mense het geglo dat daar diep onder die aarde ‘n reuse poel water is, en dat daardie water na al die putte toe gevoer word. Hierdie vuur sou die moederpoel opdroog, sodat nie ‘n enkele put meer water sou hê nie. Dit sou katastrofies wees, want sonder water kan niks en niemand bestaan nie. Weereens bid Amos en smeek die Here - hierdie ou volkie is so bitter klein! Nou is daar nie eers meer sprake van die grootheidswaan van die volk, waarvan Amos vertel het nie.

En weereens is die Here genadig!



**INHOUD**

En dan kom die derde visioen: Amos sien die Here met ‘n skietlood in Sy hand, en Hy was besig om ‘n muur te meet. ‘n Skietlood is ‘n instrument waarmee jy kan sien of ‘n muur skeef is of presies regop gebou is. As ‘n bouer hierdie instrument gebruik, kan hy bepaal of die bouwerk goed genoeg is. ‘n Skewe muur is gevaarlik - dit voldoen nie aan die standaarde nie, en dit moet afgebreek word! Nie alleen is dit ‘n pynlike proses vir die messelaars, wat moet afbreek, die stene skoonmaak en die werk moet oordoen nie, maar ook vir die bouer, want sy trots is daarmee heen.

Die Here noem vir Israel selfs na hierdie oordeel steeds Sy volk. Hy is steeds genadig, en wil die volk red. Hierdie visioene praat ook hard en duidelik met my en jou: as ons die naam van “volk van die Here” dra, dan is daar sekere standaarde vir ons lewe wat ons moet nakom - sekere lewenswaardes wat ons moet uitleef. Ons moet leef soos van die gesin - die familie - van die Here verwag word. As ons hardkoppig bly skeef bou aan ons lewenshuis, kan ons verwag dat daar die een of ander tyd afgebreek sal moet word. Dit is ‘n pynlike proses! Kom ons bou eerder reg van die begin af.



**INHOUD**

**Gebed:**

**Here, my bouwerk is dikwels maar bitter skeef. Wees my genadig, en help my om dit reg te stel.**

# 17 Verwerp deur die Staatskerk

## Amos 7:10-17

Die einde van die pad het aangebreek vir Amos as profeet. Of het dit werklik? Die kerk het teen hom gedraai, en die priester Amasia het Amos gaan aankla by die koning.

Hierdie plofbare situasie het ‘n lang pad gekom. Bet-El is gesien as die heiligdom van Israel. Nadat die ryk in twee geskeur het, het Juda gesit met Jerusalem, en natuurlik die groot heiligdom - die tempel. Dit was vir die Tienstammeryk ‘n bitter pil om te sluk, dus stig koning Jerobiam I ‘n

nuwe heiligdom as teenvoeter vir Jerusalem in Bet-El. Dit was ‘n koninklike heiligdom, en dus in ‘n sekere sin ‘n staatstempel en ‘n staatskerk.

Ons het in Suid-Afrika byna met dieselfde situasie gesit vir baie jare, in dat die NG Kerk beskou was as die “staatskerk”. Alhoewel niemand dit amptelik wou erken nie, het die kerk en regering tot ‘n mate ‘n bondgenootskap gehad. Die regering het opgetree met die seën van die kerk, en baie van die politiek wat bedryf is, is goedgepraat deur die kerk. Dit kan ’n baie gevaarlike situasie vir die kerk wees, want in


**INHOUD**

sekere opsigte kan die staat en die ideologieë van die staat belangriker word vir die kerk as wat die Woord van die Here is. In ons geval is die apartheidsbeleid selfs deur die kerk goedgepraat en Bybels gefundeer! In 1994 het alles eensklaps verander, en vir baie mense was dit die einde van die wêreld. Skielik was die regering nie meer ‘n “suiwer” Christelike een nie (nie dat dit ooit was nie!). Islam, Hindoeïsme en tradisionele Afrika godsdiens het nou sterk deurgekom in die regering, en die kerk het sy plek verloor. In ‘n sekere sin was dit ‘n seën vir die kerk, wat toe opnuut moes gaan

dink en besin oor presies hoe ons oor hierdie dinge glo, en gaan kyk wat die Woord werklik sê.

Amos het nie geskroom om te sê wat die Here hom op die hart gelê het nie, en dit het seer gemaak. Selfs die kerk is nie gespaar nie, en Amos het die skynheiligheid van die volk uitgewys. In hoofstuk 4 het ons gesien hoe Amos te velde trek oor die Israeliete wat selfs in die kerk sondig, en dat die Here nie meer hulle offers wil hê nie. Amasia was woedend, en hy sê vir Amos: “Maak dat jy wegkom!” (v. 12). Amos kan maar in Juda gaan preek, en dáár sy brood verdien, want dan is hy ten

minste uit Israel se hare uit, en dan sal hy dit nie meer so bitter ongemaklik maak vir die kerk in Israel nie.

Amos was egter reg met ‘n antwoord vir Amasia: Hy was nie ‘n professionele profeet wat betaal was om te preek nie - hy was ‘n plaasboer, en hy het sy eie geld so verdien. Hy het gepreek alleen omdat die Here hom geroep het om dit te doen, sonder enige vergoeding. Menslike en finansiële oorwegings het by hom nie getel nie - dit was suiwer uit gehoorsaamheid aan die Here! Nie alleen sê die Here vir hom **WAT** hy moet preek nie,

maar ook **WAAR** hy moet preek - in hierdie geval teen die volk Israel. Daar was dus géén sprake dat hy na Juda sou terugkeer voordat hy nie klaar die Here se opdrag uitgevoer het nie.

Amos maak hier ‘n punt duidelik vir elkeen van ons wat ‘n opdrag van die Here gekry het: As die Here my of jou stuur om iets te gaan doen, dan mag jy nie na mense luister nie, en veral nie na hulle wat probeer om jou uit die pad te kry omdat hulle die Woord van die Here nie wil hoor nie. En jy mag ook nie toelaat dat ‘n moeilike situasie jou verhinder om voort te gaan met jou opdrag nie.

 **INHOUD**

Dit is nie maklik om ‘n profeet vir die Here te wees nie, veral nie as jy jou roeping ernstig opneem nie. As ons deur die geskiedenisblaaie van die Bybel lees, sien ons telkens hoe die ernstige profete noustrop trek. Die arme Elia moes vir sy lewe vlug nadat hy die Baäl-godsdiens ‘n ernstige knou gegee het. Isebel (die koningin) wou hom dood hê, en hy moes in die woestyn gaan wegkruip. Sy opvolger, Elisa is gespot deur die kinders, wat hom loop en uitkoggel het. Johannes die Doper is in die tronk gesmyt en later is sy kop afgekap en tot groot vermaak van koning Herodus se gaste op ‘n

skinkbord vertoon op die partytjie. Daniël is selfs vir die leeus gegooi (nadat hy ook die vuuroond oorleef het).

Maar die boodskap van Amos kom baie duidelik: Moenie die Here beproef nie - veral nie as jy die Woord ken, soos hierdie priester nie. Die straf wat Amos aankondig oor hierdie priester is vernederend en grusaam. So sien ons ook dat die vervolgers van die profete deur die eeue swaar deur die toorn van die Here getref is: Isebel het ‘n grusame dood gesterf, en so ook Herodus, en die spotters van Elisa.

Selfs vandag kan jy vervolging en spot en verwerping verwag as jy die roeping van die Here aanvaar en voluit vir Hom werk volgens Sy wil. Maar soos wat die Here vir Elia en Elisa en Amos en Johannes krag gegee het, so gee Hy deur die Heilige Gees vandag ook onbeperkte krag uit ‘n onuitputbare Bron as jy maar net gewillig is. Vandag is daar talle voorbeelde van mense wat hulleself gewillig verklaar het, en ten spyte van baie teenkanting, die volle krag van die Here uitleef. Om maar een enkele voorbeeld te noem: Angus Buchan (ook ‘n plaasboer), wat miljoene

mense bereik omdat hy gehoorsaam en gewillig is. Ek en jy kan ook!

**Gebed:**

**Here, maak my asseblief gewillig om U woord te bly uitdra, selfs al is daar teenstand.**

# 18 ‘n Mandjie Ryp Vrugte

# Amos 8:1-3

Ek klouter behendig in die reuse ou pruimboom langs ons plaashuis naby Waterval Boven. Ek soek ryp pruime. Daar is maar enkele van hierdie pers-rooi, sappige vrugte oor in die boom. Onder op die grond styg die droewige dreun-sang van bye en brommers op tot bo in die takke - ‘n treurlied van insekte wat die sap kom opslurp van die mat van oorryp pruime wat afgeval het. Ek pluk skaars ‘n halfdosyn pruime wat enige oomblik sélf ook sal afval. As ek uit die boom afklim, moet ek mooi



INHOUD

trap om nie op ‘n by te trap nie. Die siek reuk van gistende vrugte is oorweldigend, en ek maak my uit die voete om weg te kom van hierdie walm van dood. Naby daardie ou pruimboom sal ek nie weer hierdie somer kom nie - nie totdat die vrot vrugte onder die boom deur die wurms en ander insekte weggewerk is, sodat net hulle geraamtes - die droë pitte nog daar rondgestrooi lê as ‘n makabere herinnering van die somer wat verby is nie. Ja, en wanneer die winter verby is, sal selfs die pitte al verdwyn het in die vergetelheid.



INHOUD

Amos sien ‘n vierde visioen - hierdie slag is dit kort en kragtig, en baie eenvoudig: slegs ‘n mandjie ryp vrugte. As Amos nog wonder oor hierdie snaakse gesig, dan sê die Here vir hom: “Die tyd is ryp vir my volk Israel, Ek sal hom nie meer spaar nie.” Dit is nou maar eenmaal so, dat vrugte wat ryp geword het, se tyd verby gegaan het. As hulle die punt van oorryp bereik het, dan is dit verby - dan is hulle vrot!

Die boodskap wat Amos kry, is een van groot droefheid. Die vrolike liedere van hofsangers in die paleis gaan vervang word met ‘n gekerm en weëklaag. Die makabere toneel

van lyke wat oral rondlê, sal een te veel wees vir enigeen om te aanskou. Dit was ‘n skande in Amos se tyd, om nie begrawe te word as jy sterf nie. Die val van Israel sou egter so groot wees, dat daar net eenvoudig nie die middele sou wees om die lyke te begrawe nie. Amos kan nie eers meer voorbidding doen vir sy volk nie - hy bly liewer stil. Die einde het aangebreek.

Tragies, as ‘n volk die dag nie meer wil luister na die Stem van die Here nie, en hulle nie wil steur aan Sy genade wat uitgerek word nie. So was dit met Israel - selfs die profeet, Amos, was stilgemaak en

weggejaag deur die kerk, want hy het die volk (en die koning) ontstig. Dan bly daar net een ding oor: die oordeel van die Here!

Ons land, Suid-Afrika moet oppas: ons is besig om dieselfde paadjie te loop. Die gelowiges wat nog iets durf sê, word uitgelag, gespot, stilgemaak, uitgetart. In Durban is hulle besig om ‘n sekswinkel oop te maak reg oorkant die voordeur van die ou kerkgebou in Smith Straat. Binnekort sal prostitute daar uitgestal word soos in Walletjes Straat in Nederland - voor die kerk se voordeur! As dit nie uittart is nie - wat is dan?



**INHOUD**

Enkele stemme skree nog, pleit nog: “Suid-Afrika, draai terug na die Here!”, maar dit is ‘n paar stemmetjies in die woestyn. Intussen is die kerke besig om leeg te loop. Talle gemeentes het al boedel opgegee - toegemaak omdat daar net eenvoudig nie meer genoeg mense was om hulle bestaan te regverdig nie. Dit is tragies, want dit beteken één ding: die kerk groei nie meer nie - dit stagneer nie eers meer nie, maar die kerk is besig om dood te gaan. Die pruimboom raak leeg - die laaste ryp pruime klou hardnekkig vas aan die takke!

Amos se mandjie vrugte is ‘n dringende oproep vir my en jou. Die genade van die Here is ontsettend groot, en Hy gee ons steeds tyd. Nóú is die tyd vir die gelowiges wat steeds aan hulle geloof vasgehou het om te begin werk aan hulle geloofslewe. Dalk het jy al oorryp begin word, en is jy maar net ‘n passasier op die kerk-trein. Die tyd het aangebreek dat elke gelowige uit sy gemaksone sal kom en begin saamwerk om die kwynende kerk te red van totale ondergang. Ja, ons kan dit doen, want die Here is almagtig, en deur Sy Heilige Gees



**INHOUD**

sal Hy ons die krag gee vir hierdie taak.

Daar is alreeds oral gelowiges besig om te werk in die wingerd van die Here. 'n Voorbeeld hiervan is 'n klein Gideonsbende wat die reuse taak aangepak het om 'n Metropoolbediening in Durban van stapel te stuur. Hierdie projek het amptelik op 1 Januarie vanjaar afgeskop, en in die enkele maande wat sedertdien verby is, het daar reeds wondere plaasgevind. Die ou Smithstraat NG kerk, wat fisies dood was, en slegs 'n dosyn of wat lidmate oorgehad het, het herlewe, en daar word nou alreeds elke

Sondag meer as 500 mense bedien. Die jeugbediening in Durban is besig om te blom; die mannebediening is aan die gang en daar word allerhande opleidingsgeleenthede beplan. As jy in die Durban area woon - kom skakel in! Bid vir hierdie reuse taak wat op die oomblik op die skouers van ‘n klein groepie mense rus, om uit te reik na meer as 5 miljoen mense tussen Durban en die Tugela rivier, waarvan die meeste afgodsaanbidders is. Die mandjie vrugte is ryp - gaan jy toelaat dat hulle vrot?

**Gebed:**

**O Here, die taak is enorm groot, en die arbeiders so min. Ek bid vanoggend vir krag en ook vir mense wat bereid is om te help werk in U wingerd, voordat dit heeltemal te laat is.**

# 19 Sakevernuf

## Amos 8:4-14

Ek staan by die toonbank van die winkel wat boumateriaal verkoop. Ek het kom voorraad koop vir my baas - dit word opgeskryf vir die einde van die maand. “Vier emmers”, praat die ou Moslem hardop terwyl hy skryf. Tot my skok sien ek hoe hy nie 4 nie maar 7 skryf. “Ek dink jy het ‘n fout gemaak”, help ek hom reg. En daar bars die man in ‘n stortvloed van woorde uit oor hoe belangrik ons bouers vir hom is en dat hy nooit bedoel het om verkeerd te skryf nie. Maar ek sien sommer deur hom, dat



INHOUD

dit sy ou streek is, en dat hy maar net bitter jammer is dat hy hierdie slag uitgevang is.

“Besigheid is besigheid!”, hoor jy die ou ge-ykte uitdrukking dikwels, en dan beteken dit eintlik dat as jy iemand kan verneuk, dan dóén jy dit - sorg net dat jy dit só slim doen dat jy nooit uitgevang word nie. “Tyd is geld”, is ‘n ander uitdrukking wat ‘n mens dikwels hoor - ‘n uitdrukking wat dikwels tot groot hoogtes gevoer word.

Amos is ‘n omgekrapte man: hy het gesien hoe die sakemanne in sy tyd sake doen, en dit was nie reg nie.

Maar dit was nie sy persoonlike gevoel nie - dit was die Here wat hom hierdie onreg op die hart gelê het. In die eerste plek het hierdie manne nie die nodige eer aan die Here gegee nie. Die feesdae was veronderstel om tot eer van Hom te wees, en die uitdrukking: "Tyd is geld", het vir hulle die feesdae 'n groot las gemaak, want dan kon hulle nie sake doen nie. Hulle het die feesdae gesit en omwens, en die minuut as dit verby is, was hulle weer aan die geldmaak. Ja, natuurlik het hulle nie op die feesdae sake gedoen nie, want hulle wou met hulle uiterlike Godsdiens die Here

tevrede stel, en natuurlik vir hulle kliënte wys hoe getrou en Godsdienstig hulle is - hulle beeld moes nie skade ly nie!

Maar as die mark weer oop is, doen hulle sake soos gewoonlik. Maar daar was ‘n stertjie - hulle sake was nie altyd so eerlik nie. Hulle het allerhande slim sette gebruik om meer geld te maak as wat hulle eerlik verdien het. Hulle het skelm die gewigte ligter gemaak, en wanneer ‘n ding geweeg was, het dit dan swaarder gelyk as wat dit werklik was. Die koper het dus minder gekry as waarvoor hy betaal het. Daar is boonop gepeuter met

die skale sodat hulle die verkeerde gewig sou wys. Boonop is daar allerhande vreemde goed saam met handelsware soos koring in die sak gegooi (sand of kaf) sodat dit meer lyk as wat dit is.

Nie alleen was hierdie praktyke oneerlik nie, maar dit was veral die arm mense wat hierdeur uitgebuit is. Dit het hulle dan selfs nog meer verarm - soms so erg dat hierdie mense as slawe verkoop was om hulle skuld te delg.

Die man wat aan my die emmers verkoop het, was ‘n Moslem - hulle geloof sê dat hulle maar mag

verneuk, solank dit nie hulle eie mense is nie. Hierdie mense waarvan Amos praat, was egter die volk van die Here - gelowiges. Hulle het die Wet gehad, en hulle het van beter geweet. En daarom was die straf van die Here oor hulle baie groot. Hy was genadig en Hy het talle male probeer om hulle te oortuig om die regte pad te loop, maar hulle het hardnekkig geweier, en maar net in hulle gierigheid voortgestoom.

Vandag kan ons vinger wys na al die verskriklik baie onreg wat in ons land aangaan. Korrupsie is aan die orde van die dag en baie mense


INHOUD

(veral armes) word daagliks uitgebuit. Ons sien daagliks hoe die groot seders val - manne (en vroue) wat héél bo op die stellasie sit - bestuurders van reuse maatskappye. Die armstes word uitgebuit deur 'n gekonkel van baie miljoene Rande, met prys-vasstelling van basiese dinge soos brood - oorlewingskos. Allerhande slim skemas op die internet lok mense wat in finansiële moeilikheid is uit om "vinnig" sommer groot geld te verdien - reuse rentes word beloof, en dan verdwyn jou laaste bietjie geld in die swendelaars se

gulsige sakke in. Hierdie goed laat jou nekhare rys!

Maar dit is nie waaroor Amos met my en jou wil praat nie - hy is nie bekommerd oor die ongelowiges (heidene) se streke nie. Dit is ons as gelowiges wat aangespreek word. Is ons eerlik wanneer ons die belastingvorm invul? Is ek eerlik in my werksomstandighede? Buit ek nie dalk iemand uit nie, en verryk myself? As ek ‘n produk van swakker gehalte verkoop teen dieselfde prys as sy duurder maat, buit ek die kliënt uit. Deur roofkopiëe te maak van CDs of DVDs, beroof ek die kunstenaar van sy inkomste,

en as ek sulke roofkopiëe by ‘n smous koop, is ek steeds net so skuldig - dit is diefstal. As ek as ambagsman vir ‘n uur se werk vra terwyl ek slegs tien minute geneem het om die werk te doen, buit ek die kliënt uit. In kort: Amos vra ons as gelowiges om ons sake eerlik te doen, en niemand uit te buit nie. Kom ons doen so!

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om altyd eerlik te wees in my sake.**



INHOUD

# 20 Die Vyfde Visioen

## Amos 9:1-6

Daardie verskriklike dag in die stad Pompeii, toe die berg Vesuvius in al sy mag uitgebars het, was vir die inwoners ‘n verskrikking. Mense het in alle rigtings probeer vlug, maar daar was absoluut géén uitkomkans nie. Dit was die jaar 79nC. Die ganse stad het net eenvoudig in die vergetelheid verdwyn, en saam daarmee al sy inwoners. Eers 1600 jaar later is die stad weer ontdek onder dik lae vulkaniese as. Die verstommende was die afgietsels wat gekry is van die mense wat in


INHOUD

die uitbarsting omgekom het. Die angs en verskrikking wat op hulle gesigte gelees kan word, laat ‘n mens koue rillings kry.

Baie lank voor dit het ‘n soortgelyke lot die stede Sodom en Gomorra getref. Vandag kan ons maar net raai waar hulle was. Die oordeel van die Here oor hulle was verskriklik. Net Lot en sy twee dogters het ontkom omdat Abraham by die Here vir hom gepleit het.

Nog vars in ons geheue is die tsunamis wat die eilande ‘n paar jaar gelede getref het in die Verre Ooste. Dit was nie maar iets daar ver terug

in die geskiedenis nie - daar was ook van ons eie mede Suid-Afrikaners wat die verwoesting gesien het. Daar was geen waarskuwing nie, en géén wegkomkans nie. Mense en geboue is eenvoudig van die gesig van die aarde af weggevee. In absolute afgryse het ons die nadraai daarvan op TV aanskou.

Amos sien ‘n vyfde visioen, en dit laat hom sekerlik ook koue rillings kry. Hierdie visioen is die hoogtepunt van die reeks (of is dit dalk die laagtepunt?). Die visioen begin met die vernietiging van die tempel. Die episenter van die vernietiging is die

altaar - dáár waar die volk van die Here hulle offerandes gebring het. Ons sien die pilare van die altaar bewe wanneer hulle toppe vernietig word, en intuimel op diegene wat offer. Jy sal onthou hoedat Amos uitgevaar het teen die valse Godsdiens van die volk - hoe hulle baie vroom offers vir die Here gebring het, maar dat die Here ‘n afsku daarin gehad het vanweë hulle sonde? Met hierdie vernietiging van die tempel wil die Here vir hulle sê: “Genoeg is genoeg!”, en nadat Hy sovéél keer Sy genade oor hulle uitgestort het, en maar net oor en oor en oor vergewe het, het hulle



**INHOUD**

genadetyd nou uitgeloop. Hy het besluit om die kommunikasiekanaal (die tempel) te sluit. Dit was die einde van kommunikasie tussen die Here en Israel! Hoe verskriklik!

Dink net: As jy die dag in die nood is, en jy wil tot die Here bid, en daar is net eenvoudig géén kommunikasie tussen jou en Hom nie - hoe afgryslik moet dit nie wees nie. Of jy probeer die Bybel, die Woord van die Here lees, maar dit bly vir jou 'n geslote boek sonder enige boodskap - hoe verskriklik!

Die werklikheid is dat die Here oor en oor en oor met mense praat en

Sy genade vir hulle aanbied. Daar is dalk selfs iemand wat vandag hierdie dagstukkie lees - met wie die Here al oor en oor gepraat het, en daardie persoon weier steeds om JESUS se verlossing te aanvaar. Die gevaar is dat die Here se genadetyd dalk besig is om uit te loop, en dat daar ‘n punt kan kom dat die kommunikasielyne afgeknip kan word. Dit sal ‘n baie tragiese dag wees!

Dit is egter nie waar Amos se visioen ophou nie: daarna begin die vernietiging van die ongehoorsame volk. En soos wat daar tydens Vesuvius se uitbarsting nêrens was

waarheen die mense kon vlug nie, so sal daar ook absoluut géén wegkomkans wees vir hierdie mense nie. Om te illustreer hoe ‘n onmoontlike situasie dit sal wees, sê hy dat al vlug hulle hemel toe of selfs na die doderyk toe - albei onmoontlike plekke vir ‘n lewende mens, sal die oordeel van die Here hulle steeds tref. En selfs al vlug hulle na die héél hoogste piek (Karmel) toe, of die héél laagste plek (die seebodem), sal hulle steeds nie ontkom nie. Die toorn van die Here is verskriklik vir diegene wat Sy genade verwerp.

Amos sluit hierdie visioen af met ‘n loflied vir die Here, om Sy onbeskryflike grootheid en almag te besing.

Amos praat vandag ook helder en duidelik met ons in die jaar 2010. Die boodskap wat ons egter kry, is nie dat die Here elke sondetjie wat ons doen sal straf nie. Daar is egter een sonde wat nooit ongestraf sal bly nie - die grootste sonde van almal: om **NIE** die verlossings-geskenk van Jesus te aanvaar nie. Dit is vir die Here ‘n klap in die gesig, want daarmee vertrap jy die genade van die Here in die modder. Die straf daarvoor is te erg om te


INHOUD

noem, en daar is géén wegkomkans nie. Hy staan by die deur van jou hart en klop aanhoudend. Sy genade is oneindig groot. Genadetyd loop egter uit, en die Here se geduld raak op. Ek het talle mense geken vir wie dit te laat geword het - afgryslik! Moenie dat dit met jou gebeur nie - neem vandág nog daardie belangrikste besluit van almal om Jesus te volg - om 'n persoonlike verhouding met Hom te hê - om Sy geskenk van lewe te aanvaar. As jy nie weet hoe om dit te doen nie - kontak my by **louis@dagstukkie.co.za**



**INHOUD**

**Gebed:**

**Here, ek pleit vanoggend vir elkeen wat hierdie dagstukkie lees, wat nog nie 'n keuse vir U gemaak het nie.**

# 21 Die Sif

# Amos 9:7-10

Jan besluit toe nou mos om ‘n muur te bou in sy agterplaas hier in Ballito. Hoe moeilik kan dit dan nou wees om sélf die ou joppie aan te pak? Hy het die bouers goed dopgehou, en hy weet presies hoe om die muur mooi haaks en perfek regop te kry. Al wat hy nooit mooi na gekyk het nie, was hoe hulle die messelklei meng. Maar dis mos maar ‘n eenvoudige formule van sement, sand en water - die sand grawe jy sommer hier in die agterplaas uit (Ballito het perfekte



INHOUD

bousand). En so breek die Saterdag aan, en Jan grawe sy sand en meng dit noukeurig met nét die regte hoeveelheid sement en water om ‘n slapperige klei te vorm. Dis harde werk, en in die stomende vogtigheid van die Noordkus, stroom die sweet hom af.

En hy begin messel. Maar iets is nie lekker nie. Sy bakstene wil nie mooi hulle lê kry nie - sommer hier reg van die begin af sukkel hy. En dan ontdek hy die klippertjies wat ingesluip het in sy kleimengsel. Hulle keer dat die stene mooi loop lê. Maar dis nie al nie - nog ‘n frustrerende element in sy “perfekte”

klei, is die alewige worteltjies en stokkies wat oral opduik en sy lewe versuur.

Jan het skaars twee rye stene ingemessel, toe gee hy moed op - dis ‘n verlore saak om so te probeer werk. Hy sal die hele hoop messelklei waaraan hy so geswoeg en gesweet het moet weggooi, want om daardie gemors daarin uit te kry is ‘n onbegonne saak. Toe onthou Jan skielik van die ding wat hy by die bouers sien staan het, wat hy nie geweet het waarvoor dit gebruik is nie - ‘n sif. Waarom het hy nie daaraan gedink nie? As hy eers die bousand gesif het, was al daardie

 INHOUD

klippertjies en ander gemors uitgesif, en kon hy met oorgawe sy muur bou met klei sonder ‘n enkele klippie of worteltjie in.

Amos was sékerlik nie ‘n baie gewilde man in Israel nie. Ons het al gesien dat selfs die priester hom probeer uitwerk het, sodat hy tog maar net in ‘n ander land sy veroordelende preke gaan lewer, en Israel met rus laat dat hulle kan aangaan met hulle lewe. Amos het dinge gesê wat seer maak. Maar Amos was gehoorsaam aan die Here, en die dinge wat hy gesê het, was die boodskap wat die Here hom gegee het om oor te dra aan die


**INHOUD**

volk. Vir Amos was dit sékerlik nie lekker nie, want so ver as wat hy gegaan het, het hy vyande opgetel.

En nou kom sê hy ‘n ding wat seker die laaste strooi is vir die volk, wat al skoon keelvol vir hom is: hulle is niks anders as al die ander heidenvolke nie! Hoe kan hy!? Hulle is immers die uitverkore volk - dié volk wat die Here dáárdie jare gered het uit Egipte! Hulle is die volk van die Almagtige! Jakob was immers hulle voorvader!

Maar dan laat Amos die bom bars: Israel is nie die enigste volk wat ooit deur die Here gered is uit ‘n situasie

soos Egipte nie. Hy het ook die Kussiete gered - daardie volk uit Etiopië, aan die verste uiteinde van die aarde. Verder het Hy die Filistyne - Israel se grootste aardsvyand - uit Kaftor (die eiland Kreta) gered. So ook nóg 'n aardsvyand van Israel, die Arameërs uit Kir (dalk Mesopotamië). Nee, daardie uittog uit Egipte was wél 'n baie groot gebeurtenis in die geskiedenis van Israel, maar uniek was dit beslis nie!

Israel moenie aan hulleself dink as 'n volk wat beter is as enige ander volk nie. Hulle is nie gekies om die volk van die Here te wees op

meriete nie - daar was niks beter in hulle as in enige ander volk nie. Gaan lees maar in die geskiedenis van die begin van hierdie volk - die verkriklike dinge wat hulle aangevang het. Hulle oervader Jakob was bekend as die bedrieër by uitstek. Sy seuns, na wie die stamme van Israel vernoem was, het hulle eie broer as ‘n slaaf verkoop, en hulle het gemoor en tekere gegaan, dat jou hare regop staan. Meriete was daar beslis nie, maar die Here het hulle uitgekies uit genade alleen - omdat Hy wou!

Maar nou het hulle afvalligheid so erg geraak, dat Sy oordeel hulle

gaan tref. Israel gaan van die gesig van die aarde afgevee word! Maar steeds is die Here genadig, want iewers tussen al die onreg is daar steeds 'n paar mensies wat waarlik die Here liefhet. En daarom gaan Hy hulle sif sodat al die klippertjies en kaf en gemors uitgesif word vir die oordeel. Maar nie 'n enkele regverdige sal verlore gaan nie. Die bouwerk van die Here sal met suiwer klei gebou word!

Ek en jy as gelowiges moet ook baie goed besef dat ons niks beter is as die heidene op wie ons so maklik neerkyk nie. Nie 'n enkele een van ons is gered uit meriete nie - slegs

die Here se onbegryplike genade het ons gered. Daarom durf ons nie maar terug sit en dink ons kan maar doen wat ons wil nie - ons is mos klaar gered! Die Here verwag júis van ons as bevoorregtes wat Sy genade beleef het om te leef volgens Sy wil. As gelowiges (gereddes) moet ons Sy genade weerspieël sodat die wêreld die Here in ons kan sien. Daar rus 'n baie groot verantwoordelikheid op die skouers van elke gelowige, om die liefde van die Here elke dag aktief uit te leef.



**INHOUD**

**Gebed:**

**Here, dankie dat U genade ook oor my uitgestort is. Help my om U liefde met ‘n passie uit te leef uit dankbaarheid vir U wonderlike genade.**

# 22 ‘n Nuwe Begin

## Amos 9:11-15

Ons het by die laaste dagstukkie gekom oor Amos. Oor die afgelope maand het ons gesien hoedat Amos herhaaldelik die oordeel van die Here uitspreek oor die volk van die Here, Israel. In sy laaste perikoop kom verander alles skielik. Dit is soos om deur ‘n woestyn te strompel, waar alles vir jou naderhand totaal verlore lyk, en die dors jou oorval, sodat jy voel jy kan net eenvoudig nie verder nie. Alles is verby. En dan, as jy oor die laaste duin val, is hier skielik vlakvoor jou


INHOUD

die lower palmbome en die heerlike koel verfrissing van die soet water van ‘n oase.

Inderdaad het die profesieë van Amos waar geword. In die jaar 722 vC is Israel (die Noordryk) verwoes, en in 586 vC was dit weer die beurt van Juda (die Suidryk) om in ballingskap weggevoer te word. Is dit die einde van die pad vir die Verbondsvolk? Het die Here hiermee die hoofstuk finaal afgesluit en die volk afgeskryf? Nee! Daardie oordeel was ‘n suiweringsproses, en daarna sou die Here weer ‘n totaal nuwe begin maak met Sy volk. Die



**INHOUD**

huis van Dawid sou, soos die Here beloof het, nie tot niet gaan nie.

Hoe wonderlik is die genade van die Here nie! Saam met Amos het ons geworstel deur die woestyn van ongeregtigheid van die volk Israel. Ons het gesien hoe verskriklik hulle sondelas was, en dat hulle die arme profeet net eenvoudig uitgelag het as hy vir hulle preek. Hulle het hulle nie aan Amos gesteur nie, en nog minder aan die Here. En as sy preke te naby aan hulle lyf kom, dan het hulle hom uit die land uit probeer smyt. Die Here se oordeel was absoluut onvermydelik - Israel wou nie tot inkeer kom nie.


**INHOUD**

Nogtans gooi die Here hulle nie weg nie, en nadat hulle deur die oordeel getref is, kom die Here in Sy groot genade, en Hy tel hulle weer op en oorlaai hulle met liefde. Die Here is nie onregverdig nie - Israel het gekry presies wat hulle verdien het. Maar die Here se genade is baie groter as Sy toorn. Ons het dit gesien in die verhaal van Jona, waar daardie onwillige profeet die oordeel van die Here moes afkondig oor die heidense stad Nineve. Hulle het verdien om van die gesig van die aarde afgevee te word. Maar toe hulle die dag berou kry oor hulle sonde, het die Here se genade



INHOUD

ingetree, en teen Jona se wense in, het die Here die stad gespaar.

Maar wat was Amos se profesie oor Israel se herstel? Die belangrike is dat die koningshuis van Dawid, die groot koning, weer op die troon sou sit. Boonop sou die vervalle mure van Jerusalem weer herbou word om sy eertydse glorie te herwin, en die volk weer trots kan wees op sy erfenis. Maar dit is nie net op die vlak van konings en vestings wat die land herstel sou word nie, maar ook die natuur sou saamspeel en oeste lewer in oorvloed. In Israel was oestyd gewoonlik in April, en eers ses maande later kon daar weer

geploeg en gesaai word na die herfsreën. Amos profeteer egter dat daar so 'n oorvloedige vrugbaarheid sou wees, dat die boere direk na die oes weer sou kon saai.

Ook wat hulle vyande betref, sou daar vir Israel 'n bloeityd aanbreek. Hulle sou in rus en vrede hulle stede kon herbou, sonder die vrees dat buitelandse moondhede sou inmeng. Die Here sou hulle vrede gee. Hy sou hulle voorspoed gee en oorvloed. Die klem val hier op die werk van die Here, en wat Hy doen. Nou is dit nie meer Israel se eie goedheid en hulle vernuf nie, maar die voorsiening van die Here alleen.


**INHOUD**

Alles kom daarop neer dat die verbond van die Here weer volledig herstel sal word, want Hy noem hulle weer Sy Volk.

Amos kyk met hierdie profesie baie ver in die toekoms in. Alles wat voorspel is het nog nie in vervulling gegaan nie - dit was nog maar net gedeeltelik.

Ons staan vandag weereens op die drumpel van die Paasnaweek, waar ons die gebeure gaan herdenk rondom die kruis en die leë graf. Soos met Israel, sien ons hier ook die toorn van die lewende God op die sonde, en die verskriklike

oordeel, wanneer die lyding van Jesus op ‘n hoogtepunt gevoer word. Die verskil is dat Jesus nie die Een was wat gesondig het nie, maar dat Hy die skuld moes dra en ten volle daarvoor betaal. Maar ons durf nooit, ooit by die kruis vassteek nie, want na die verskrikking daarvan sien ons op Paas Sondag die heerlike koel lafenis van die leë graf. En dan moet ons net weereens besef hoe groot die genade van die Here is. Nie alleen vergewe Hy sondes en gee nuwe lewe nie, maar na die graf vestig Hy die nuwe Koninkryk. Soos wat Amos voorspel het, is “die vervalle hut van Dawid”


INHOUD

(Amos 9:11) weer opgerig, maar baie groter as wat Amos ooit kon droom. Daardie nasaat van Dawid bestyg die ewige troon as heerser oor Israel, maar ook oor die heelal. Sy Koninkryk is vir ewig, en ek en jy het die wonderlike voorreg om deel te wees daarvan. Ons is ambassadeurs van hierdie Koninkryk, en daarom mag en moet ons dit bevorder en verkondig aan almal wat ore het. Wat meer is - ons is medebouers van die nuwe ryk, en in die nabye toekoms kan ons alreeds die glans sien van die nuwe Jerusalem wat besig is om te verrys!


**INHOUD**

**Gebed:**

**Here, dankie vir ‘n Amos wat onbevrees U Woord verkondig het. En dankie vir U groot genade oor my. Ek wil ‘n ambassadeur wees van U wonderlike Koninkryk, Here, gee my die krag daarvoor.**